die innerlike lewe nie. „Der Held geht in den Tod, ohne sich innerlich verloren zu haben; die inneren Bedingungen für ein wertvolles Weiterleben sind nicht gänzlich zerstört.(1)

Die tweede geval, soos aangedui, beskou die verdere voortlewe van die held, in sy innerlik ontwrigte toestand, as die ondergang.

Die derde geval, waar die innerlik ontredderde siel ook nog deur die dood weggeruim word, kom baie dikwels voor. Voorbeelde hiervan tref ons aan in Othello, Romeo en Juliet, Karel Moor, Don Cesar in die „Braut von Messina," en in Hero van Grillparzer. Hier is die tragiese indruk ongetwyfeld die sterkste. „Das Dazutreten des Leiblichen Todes hat ohne Zweifel ästhetische Vorzüge : der leibliche Tod bedeutet einen endgültigen Abschluss, er schneidet alle Fragen nach der Art des Weiterlebens ab, während sich im anderen Falle Fragen und Zweifel in dieser Richtung aufdrängen können."(2)

Die voltrekking van die dood verleen ook 'n uniwersaliteit aan die tragiese ondergang - 'n betekenisvolheid waartoe die buitengewone lyding alleen nie instaat is nie. Die dood maak as't ware van die enkelgeval 'n simbool van alle menslike verganklikheid - dit verleen daaraan 'n metafisiese grootsheid wat andersins baie moeilik te behaal is.

Maar watter vorm die tragiese ondergang ook al aanneem, dit moet met noodwendigheid voltrek word - en in ooreenstemming met die eie-aard van noodwendigheid is dit dan ook onmoontlik vir 'n tragiese held om tot berusting of versoening te kom.(3)

---

(1) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pg. 52.
(2) t.a.p. pg. 48 en ook 55.
(3) Vgl. ook (a) Ziegler,L.:„Zur Metaphysik des Tragischen", pg. 95.
(b) Ermatinger, E.:„Das dichterische Kunstwerk," pg. 236.
(c) Zinkernagel, F.:„Die Grundlagen der Hebbelschen Tragödie," pp. 45 en 46.
(d) Goebel, J.:„Ueber tragische Schuld und Sühne", pg. 18.
(e) Dessoir, M.:„Ästhetik und allgemeine Kunstwissenschaft," pp. 154 - 155.

Die onverhiddelikheid waarmee die teenmagte in konflik geraak, maak so-iets onmoontlik. As dit sou plaasvind, sou dit 'n versteuring beteken van tragiese lyding, van noodwendigheid en van konflik - 'n versteuring wat die tragiese gevoelshoedanigheid volkome sal vernietig.

Hiermee is egter nie gesê dat die tragiese fatalisties van aard is - dat dit hoegenaamd geen versoening of bevryding insluit nie. Daar is wel 'n versoenende invloed, maar dit ontstaan alleen deurdat ons ten spyte van die held se ondergang, tog vermoed dat die saak of ideaal waarvoor hy gestry het, sal selvier.[1] Die versoenende karakter in die tragiese is dus van transendente aard. Ziegler het dit reeds duidelik aangetoon : „Während das Leben verlangt, das Schicksal immanent zu überwinden, fordert das Tragische die transcendenter Überwindungen."[2]

Tragiese ondergang vereis verder in ooreenstemming met tragiese konflik, dat die draer van 'n laere waarde die draer van 'n hoëre waarde sal vernietig. As dit andersom gebeur, kan daar slegs 'n gevoel van volkome bevrediging ontstaan - 'n gevoel wat nie te vereenselwig is met die tragiese nie. Die ideaal waarvoor die held lewe en stry, moet dus 'n hoër waarde verteenwoordig as die teenmag wat hom ten onder bring. Dit geld ook in gevalle waar die teenmagte oorwegend innerlik is. Hierdie voorwaarde is reeds beklemtoon in die geval van die misdadiger, wat alleen 'n tragiese indruk kan maak as hy ten spyte van sy skuld tog nog 'n hoëre menslike waarde as sy teenmagte openbaar.

(1) Vgl. bv: (a) Scheler, M.:„Zum Phänomen des Tragischen," pp. 247 en 251.
(b) Nietzsche, F.:„Die Geburt der Tragödie," pg. 6.
(c) Höffding, H.:„Humor als Lebensgefühl," pg. 106.
(d) Bailey, J.:„Poets and Poetry," pg. 61.
(e) Vaughan, C.E.:„Types of Tragic Drama," pg. 259.
(f) Külpe, O.:„Grundlagen der Ästhetik," pg. 174.
(2) Ziegler, L.:„Zur Methaphysik des Tragischen," pg. 95.

L.

Net soos in die geval van lyding, sal ook die ondergang meer tragies wees as die held dit besef, maar hy mag natuurlik nie sy eie vernietiging be-oog of bestrewe nie. Sy stryd moet voortgesit word - hy moet steeds in die bestrewing van sy ideaal die mees volkome verwerkliking van sy hele bestaan sien. Waar dit nie gebeur nie, sal die kleinlikheid van sy ineenstorting alle tragiek onmoontlik maak.

Dit beklemtoon terselfdertyd die laaste en miskien belangrikste hoedanigheid wat vereis word by 'n tragiese ondergang - menslike grootsheid. Hiersonder kan geen ondergang tragies wees nie - selfs al sou aan al die ander voorwaardes voldoening gegee word. Die tragiese held moet groots bly, nie alleen in sy stryd nie, maar ook in sy ondergang. Hy moet soos 'n grootse mens ondergaan.(1)

Nou kan ek terugkeer tot die opvattinge van diegene wat ondergang as opsioneel beskou. Von Wilamowitz - Moellendorff verklaar selfs ook dat 'n held onnodig is in 'n tragedie : „Nun, vor allem braucht der Held in der Tragödie gar nicht unterzugehen. Die Eumeniden und Elektra und Philoktet sind votreffliche Tragödien. Dann brauchen wir auch gar keinen Helden : wo wäre er in den Troerinnen?"(2)

As ek hierdie onvolledig gemotiveerde opvatting in sy breëre verband beskou, kom ek tot die gevolgtrekking dat die skrywer op drieërlei wyse fouteer. Ten eerste skryf hy 'n tragiese werking toe aan kunswerke, bloot omdat die Grieke hulle tragedies genoem het. Dat die klassieke oordeel reg is, het Von Wilamowitz-Moellendorff gladnie bewys nie - hy het trouens nie eers probeer nie. Ten tweede skyn dit my asof hy die grootsheid van die held oordryf. Die held sal volgens sy opvatting selfs die onverbiddelikheid van tragiese

(1) Vgl. ook Cohn, J.: „Das Tragische und die Dialektik des Handelns," pg. 29.
(2) Wilamowitz-Moellendorff, U.: „Griechische Tragödien," pg. 60.

noodwendigheid moet oorwin. Ten derde is hier versuim om te onderskei tussen die esties-tragiese en die metafisies-tragiese.

Die eerste twee besware is duidelik genoeg sonder verdere omskrywing. In verband met die derde is dit nodig om daarop te wys dat die metafisies-tragiese bereik kan word sonder die lyding en ondergang van 'n <u>bepaalde</u> persoon. Lyding en ondergang kom hier onder tragiese beligting bloot omdat dit moontlik is, en omdat dit gebeur dat mense ly en ondergaan. Vir die esteties-tragiese het ons reeds die noodsaaklikheid van 'n bepaalde held gepostuleer.(1)

As Von Wilamowitz-Moellendorff dus die vereiste van 'n bepaalde persoon laat vaar, dan is dit begryplik dat hy die ondergang as opsioneel sal beskou - maar dan het hy m.i. nie meer te doen met die esteties-tragiese nie.

Die werke wat hy noem om sy opvatting te staaf, is m.i. dan ook geen tragedies nie. In elkeen word daar feitlik net soveel aandag aan die gode gewy as aan die „helde". Von Wilamowitz-Moellendorff is volkome reg as hy sê dat dit baie moeilik is om 'n held in elkeen aan te wys.(2) As iemand dus 'n tragiese werking ondervind in „Eumeniden", „Elektra" of „Philoktet," moet dit verklaar word uit die feit dat daar wel persone ondergaan, en dat <u>hulle</u> aangevoel word as die helde - want Von Wilamowitz-Moellendorff se opvatting kom daarop neer dat alle persone in 'n tragedie, vir die tragiese altans, ewe belangrik is. As hierdie verklaring nie aangeneem word nie, en as die „helde" ongeskonde bly, dan beweer ek dat in al hierdie gevalle 'n totaal andersoortige gevoelshoedanigheid as die tragiese onderskei moet word. Dr. Bierens de Haan handhaaf dieselfde opvatting ten opsigte van Aeschylos se „Smeekelinge" en Euripides se „Troische Vrouwen" :

---

(1) Vgl. asb. Hoofstuk I.
(2) Vgl. Wilamowitz-Moellendorff, U. von : Griechische Tragödien." pg. 60.

„Dat zij ( die Griekse tragici) ook <u>drama's</u> hebben geschreven zonder heroische hoofdfiguur, zooals Aeschylos in zijn Smeekelingen of Euripides in zijn Troische vrouwen, bewijst dat zij niet steeds de volle uitbeelding der tragische idee hebben gewild."(1)

Edward E. Hale wys weer daarop dat die tragiese al ontstaan lank voor die ondergang - gevolglik is die ondergang dan nie nodig nie.(2) Maar hy verloor uit die oog dat die tragiese slegs ontstaan omdat die lyding ondergangdreigend is. As hierdie ondergangdreigende hoedanigheid skielik opgehef word en 'n gelukkige oplossing tree in, dan word die tragiese nie alleen net in die laaste gedeelte van die werk versteur nie, maar die nuwe beligting op die geheel vernietig alle tragiek - ook die wat aanvanklik ontstaan het.

Op gelyksoortige wyse moet beswaar gemaak word teen die bewering van Moore Smith. Na aanleiding van sy besprekinge in verband met Mr. Crawley van Anthony Trollope, verklaar hy : „That this story, in spite of its happy ending - has the nature of real tragedy will be readily allowed."(3) Hier is ook geen bewyse of motiveringe aangevoer nie, en gevolglik kan dit weerlê word met die tweede en derde besware wat ek geopper het teen die gevolgtrekkinge van Von Wilamowitz-Moellendorff.

Uit 'n nog breëre oogpunt beskou is dit van belang om weer daarop te wys dat die tragiese slegs ontstaan waar 'n laere waarde (of draer daarvan) 'n hoëre (of draer daarvan) in die tydelike of aardse lewe vernietig. As die held dan nie ondergaan nie, dan beteken dit dat 'n hoëre waarde seëvier oor 'n laere - en soos ek aangetoon het, kan in albei gevalle tog nie dieselfde gevoelshoedanigheid ontstaan nie. In die geval waar die held, die draer van verhewe wesenlik-menslike waardes, vernietig word deur teenmagte

(1) Bierens de Haan, J.D.: „Het Tragische," pg. 88.
(2) Hale, E.E.: „Dramatists of Today," pp.228 en 229.
(3) Moore Smith, G.C.: „Essays and Studies," pg. 30.

met minder wesenlike-menslike verhewenheid, moet daar tog 'n totaal andersoortige gevoelskwaliteit ontstaan as in die omgekeerde geval. Net die bevrydende en bevredigende invloed wat die oorwinning van die ongeskonde held noodwendig vergesel, maak al 'n deurslaggewende verskil.

Vervolgens kan die ondergangdreigende indruk van tragiese lyding ook nie gehandhaaf word in die gevalle waar die held oorwin nie.(1) As dit sou gebeur, as die kunstenaar wel die ondergangdreigende indruk skep, sonder om die ineenstorting van die held in te sluit, sal die willekeurigheid van sy handeling steurend wees - veral ten opsigte van tragiese noodwendigheid. T. Spencer het ook op besonder treffende wyse aangetoon hoe belangrik die ondergang is vir die uitbeelding van karakter. Ware grootsheid, so verklaar hy tereg, kom maar al te dikwels eers tot openbaring wanneer dit die dood self is wat getrotseer word.(2)

Volgens tragiese noodwendigheid en tragiese konflik lê die besondere gesteldheid van 'n tragiese held juis daarin dat hy nie net kragtens sy eie innerlike nie, maar ook kragtens 'n uiterlike, objektiewe of transendente noodwendigheid in onverbiddelike en vernietigende botsing geraak. As 'n kunswerk dan die indruk sou skep dat grootse mense kan seëvier oor die transendente noodwendigheidsmagte, en dat hierdie oorwinning tot die gewone, kousale verloop van dinge behoort, dan werp dit nie alleen 'n valse lig op die wesenlike in die aardse lewe van die mens nie, maar dit versteur alle tragiek.

In aansluiting hierby wil ek dan tenslotte korteliks daarop wys dat die tragiese gevoelshoedanigheid oorwegend pessimisties gekleurd is.(3)

---

(1) Vgl. Hoofstuk III.
(2) Vgl. Spencer, T.: „Death and Elizabethan Tragedy", pg. VII: Voorwoord.
(3) Vgl. o.a.:
   (a) Hegel, : „The Philosophy of Fine Art," Vol.IV., pg.145.
   (b) Ziegler, L.: „Zur Metaphysik des Tragischen," pp.74-76.
   (c) Farnham, W.: „The Medieval Heritage of Elizabethan Tragedy," pp. 8 en 9.

Maar soos ek aangetoon het, bevat dit ook 'n bevrydende element , 'n seker optimistiese inslag, wat die neerdrukkende krag van die pessimisme op voelbare wyse teëwerk.[1] Waar hierdie teëwerking ontbreek, maak die tragiese dadelik plek vir 'n verlammende fatalisme.[2] „When tragedy becomes pessimistic about the worth and meaning of man's activity in this world," so waarsku Willard Farnham tereg, „ there is quite obviously a limit beyond which it cannot go and still be tragedy, if we agree that tragedy should have dramatic quality even though it may depart from the form of stage representation. The pessimistic tragic poet reaches that limit when he represents life as never justifying hope, yet ironically producing the momentary will to live and some consequent struggle. Deeper pessimism can only produce apathy which nullifies all struggle and consequently all dramatic quality, ...... Thus tragedy which goes to the extremes of pessimism tends to be merely diatribe against life and against apparently meaningless forces which overpower man."[3]

Ten spyte van die feit dat die held in sy stryd noodwendig moet ondergaan, is daar dus 'n verheffende krag in die wete dat hy vry was om selfs die dood te trotseer, in die hoop dat sy stryd nie tevergeefs was nie - is daar 'n nuwe, versterkte geloof dat die mens, na sy diepste wese, hoog verhewe is bo die tydelike en verbygaande.[4]

---

(1) Vgl. o.a.:
   (a) Bernhart, J.: „Tragik im Weltlauf," pg. 103.
   (b) Scheler, M.: „Zum Phänomen des Tragischen, pg. 251.
   (c) Murray, G.: „The Classical Tradition in Poetry," pg. 66.
   (d) Lemcke, C.: „ Populaere Aesthetik," pg. 108.
(2) Vgl. ook : (a) Külpe, O.: „Grundlagen der Ästhetik," pg.174.
(3) Farnham, W.: „The Medieval Heritage of Elizabethan Tragedy," pg. 8 - 9.
(4) Vgl. verdere uiteensetting hiervan in laaste hoofstuk.

## HOOFSTUK VIII.

## GROOTSHEID.

Daar is wel denkers wat verklaar dat grootsheid geen wesenlike vereiste vir die tragiese is nie,[1] maar omdat hulle beweringe feitlik almal terloops gemaak is, en nie gerugsteun word deur bewyse of motiveringe nie, is dit onnodig om elkeen afsonderlik te weerlê.[2]

Tog moet ek hier verwys na die beskouinge van Th. Lipps. Sy beweringe kom daarop neer dat selfs gewone mense groots is, en dus tragies kan wees.[3] Vir my is dit egter duidelik dat so'n beskouing 'n ander kwalifikasie van „grootsheid" vereis as die gewone - want as gewone mense „groots" is, sal ons 'n ander term moet vind vir die „grootsheid" van buitengewone mense.

Behalwe die bogenoemde uitsonderinge is die estetici dan ook feitlik almal oortuig daarvan dat die tragiese 'n grootse persoonlikheid vereis.[4] Ongelukkig egter, heg hulle byna elkeen 'n ander betekenis aan die begrip groots-

(1) Vgl.a. Malherbe, F.E.J.: „Humor", pg. 108.
b. Jonker, Abr.H.: „Die Roman", pp. 130 en 131.
c. Jonker, Abr.H.: „Prosa-rigtings en ontleding, pp. 132 - 133.
d. Schoonees, P.C.: „Die Prosa van die tweede Afrikaanse Beweging," pg. 357.
e. Mc.Eachran, F.: „The Roots of Tragedy," pg. 134.
f. Gilbert, A.H.: „The Aristotelian Catharsis," pg.309.
(2) Hierdie hele hoofstuk moet dus maar as 'n weerlegging van hulle standpunt beskou word.
(3) Vgl. Lipps, Th.: „Grundlegung der Ästhetik," pp.563-565.
(4) Vgl. o.a.:
a. Bierens de Haan, J.D.: „In Gewesten van Kunst en Schoonheid", pg. 106 - 108.
b. Hegel, : „The Philosophy of Fine Art," Vol. IV, pp.313, 338 - 9.
c. Winterstein, A.: „Der Ursprung der Tragödie," pg. 182.
d. Nietzsche, F.: „Die Geburt der Tragödie", pg. 73.
e. Haigh, H.E.: „The Tragic Drama of the Greeks," pg.332.
f. Dixon, Macneile.: „Tragedy", pg. 34.
g. Simons, L.: „Het Drama en het Tooneel," deel V. pg.575.
h. Nicoll, H.: „The Theory of Drama," pp. 85, 90, 103 en 105.

heid, sodat dit onmoontlik is om uit hulle beskouinge iets meer vas te stel, as dat grootsheid essensieel is.

Prof. Gilbert Murray het aangetoon dat die idee van 'n grootse of bo-menslike figuur as hoofpersoon, reeds gebruiklik was in die vroegste opvoeringe van die tragedie. „Greek Tragedy," verklaar hy, „is based on the 'sufferings of Dionysus', and Dionysus is one of the many forms of the Year-god or Vegetation-god, like Osiris, Attis, Adonis or Thammuz. The story of this Year-god is always the same: he is born a miraculous child, he grows in beauty and strength, he conquers, he wins his bride, he commits the sin of Hubris or excess, he transgresses the law, and thereafter must of necessity dwindle, suffer defeat, and die."(1) Selfs toe die Dionysos-figuur later vervang is deur bv. Oidipous, Prometheus, Antigone, Aiax of Xerxes, is hulle almal beskou as maskers van Dionysos, d.w.s. as buitengewone figure.(2)

Dis waarskynlik in ooreenstemming hiermee en op grond van die voorbeeld van die destyds bestaande Griekse tragedies, dat Aristoteles ook vasgestel het : „He (die tragiese held) must be one who is highly renowned and prosperous, - a personage like Oidipus, Thyestes, or other illustrious men of such families.......(3) En ook ...... since Tragedy is an imitation of persons who are above the common level"......(4)

As 'n mens hierby nou ook nog die staatshuishoudelike toestande van die vroeë eeue in aanmerking neem, dan is dit maklik om te verstaan dat dit later gebruiklik geword het om hooggeplaaste persone, en veral konings, as helde te kies.

Allardyce Nicoll wys in sy „The Theory of Drama" daarop dat die estetici gedurende die vyftiende en sestiende eeue feitlik alle nadruk op uiterlike - of koninklike grootsheid laat val het. „Minturno, (1559) bv. „ thought that tragedy should deal with 'serious and grave happenings' and that it

(1) Murray, G.:„Aeschylus," pg. 5 - 6.
(2) Vgl. a. Bierens de Haan, J.D.:„Het Tragische," pg. 41.
b. Winterstein, A.:„Der Ursprung der Tragödie," pg.182.
(3) Aristoteles,: „The Poetics," pg. 46.
(4) t.a.p. pg. 57.

concerned 'those of high rank". The same conceptions are re-echoed by Scaliger about the same period : Tragedy .... introduces kings and princes ...... So, too, Castelvetro, for whom 'the common action of a private citizen is the subject of comedy, while the actions of kings are the subject of tragedy."(1)

Omtrent 'n eeu later het Chapelain die definitiewe vereiste van koninklikheid vervang deur slegs grootsheid te noem, maar sy bedoeling was tog ook nog maar dat prinse en persone van hoë rang of afkoms, die hoofrolle sou speel.(2)

Maar die geloof aan Aristoteles, en die besonder hoë agting vir die konings het gedurende die sewentiende eeu 'n knak begin kry. Peirre Corneille skrywe al in 1660 : „when one puts on the stage a simple love intrigue between persons of royal birth, and when these run no risk either of their lives or of their states, I do not think that, even though the characters are illustrious, the action is of such a sort as to raise the play to tragic levels."(3)

Die reaksie teen die ou idee het steeds verder gegaan. Beaumarchais verklaar later (1767) : „ the genuine heart-interest, the true relationship, is always between man and man, and not between man and king. And thus, instead of the exalted rank of the tragic characters adding to my interest, on the contrary it diminishes it."

Geleidelik het die uiterlike grootsheid dus sy waarde verloor en in die plek daarvan het, met die ontwikkeling van die sielkunde, 'n innerlike grootsheid gekom, 'n grootsheid van die siel.(5) Listowell het dit op treffende wyse saamgevat : „The greatness of the mighty protagonist is not necessarily, even in part, a superiority based on such external trappings as social status, birth, or rank, the 'high estate' with which

(1) Nicoll, A.: „The Theory of Drama," pg. 85.
(2) Vgl. t.a.p. pg. 86.
(3) Aangehaal deur Nicoll, A.: t.a.p. pg. 86.
(4) t.a.p. pg. 86.
(5) Vgl. Bierens de Haan, J.D.: „ Het Tragische," pg. 88.

Bradley endows the hero in his definition of Shakespearean tragedy. .... Contemporary dramatists have swept aside the last of those artificial barriers that divide men up according to the size of their incomes or of the purity of their pedigree, and quite regardless of their intrinsic value. ..... The tragic hero has been stripped progressively, by the very movement of social change, of his royal purple, drained of his blue blood, reft of the public office or private millions that raised him on a dais above the heads of the common crowd. Time has winnowed in this fashion the good grain from the chaff, freed the essential from its adherence to the inessential, separated effectively the transitory from the permanent and durable; and the residue remaining after this historical purge, that inherent greatness of the inner man which the collapse of civilizations cannot undermine, is what calls for our closest attention since the outer husk has been discarded."[1]

Die beklemtoning van grootsheid staan in verband met die universaliteit wat nodig is vir die tragiese. Soos ek aanvanklik aangedui het, is die tragiese verbonde, nie aan die isolerende - of enkel-geval nie, maar aan die algemene of mensheidlike. Die tragiese is algemeen - menslik, maar soos Dr. Bierens de Haan tereg aangetoon het, kom dit nie in alle mense tot uiting nie : „Toch is het tragische in wezen Algemeen - menschelijk; maar het komt niet in allen tot uitdrukking. Het komt tot uitdrukking in representatieve figuren en in representatieve gevallen, in personen die sterker dan anderen de eene zijde des levens vertegenwoordigen. Slechts in de grooten toont zich wat het leven is, en in sommigen dezer toont zich wat is de tragiek des levens."[2]

As 'n grootse mens op buitengewone, ondergangdreigende wyse ly, dan ontstaan daar in ons 'n eienaardige kontrasgevoel. Die grootse persoonlikheid, met sy innerlike en miskien ook uiterlike waardevolheid, behoort voorspoedig te wees in die lewe.

(1) Listowell,: „The Aesthetical Significance of the Tragic," pg. 23 - 24.
(2) Bierens de Haan, J.D.: „Het Tragische," pg. 99 - 100. Vgl. ook Vaughan, C.E.: „Types of Tragic Drama," pg. 210.

Die lewe behoort goedgesind te wees teenoor sulke betekenisvolle wesens : „vor der Grösse sollte sich die Welt ebnen, sollten die Hindernisse weichen; dem Streben und Wirken des grossen Menschen sollte die Welt in ihren Bedingungen und Kräften entgegenkommen; den grossen Anlagen und Taten sollte Sieg und Heil beschieden sein. Wir empfinden einen mehr oder weniger scharfen Widerstreit zwischen dem, worauf der grosse Mensch Ausspruch hat, und seinem tatsächlichen Geschick."(1)

Oral waar ons dus 'n grootse mens sien ly, word daar 'n tweeledige gevoel aan ons opgedring. Ten eerste is daar 'n verwagting, 'n eis - en dan 'n ontnugtering en teleurstelling. Ons verwag met sekerheid dat die grootse mens geluk en sukses deelagtig sal wees, maar dan kom die ontnugtering : hy kry die teendeel. Geen kleinlike wese kan hierdie teenstrydigheids-of kontrasgevoel by ons opwek nie - al ly hy ook hoe geweldig.

Dat hierdie faktor essensieel is in die tragiese gevoelshoedanigheid, word ook beklemtoon deur Th. Lipps en Dr. Bierens de Haan. Die „psychische Stauung" wat eersgenoemde as grondslag vereis vir die ontstaan van verhoogde waardes of 'n hoëre waardering van menslike waardes, kom per slot van rekening ook maar neer op 'n kontrasgevoel.(2)

Dr. Bierens de Haan se idee van „grandeur - misère" of „roi dépossédé" is ook niks anders nie : „Even diepzinnig als de twee - eenheid der begrippen grandeur en misère, is de aanduiding van het menschelijk wezen als roi dépossédé, onttroonde koning. Slechts de onttroonde koning kent het ongeluk van geen koning te zijn. Hij heeft zijn koningschap niet prys gegeven al bevindt hij zich in ballingschap; in zichzelf is hij koning gebleven. Het koningschap heeft zich tot ballingschap verkeerd, zonder te zijn vernietigd. Deze mensch (die tragiese held. G.J.J.) is twee-eenheid van koningswezen en balling-zijn."(3)

(1) Vgl. Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pg. 63-.
(2) Vgl. Lipps, Th.: „Ästhetik", pg. 562.
(3) Bierens de Haan, J.D.: „Het Tragische," pp. 13 en 14.

Die kontras is hier op baie duidelike wyse beklemtoon : die „grandeur" het verval in „misère" - die koning is onttroon.

Waar grootsheid dus ontbreek, sal ook hierdie spesifieke gevoelsfaktor afwesig wees en gevolglik ook die tragiese. Listowell het tereg daarop gewys dat daar in die geval van gewone of kleinlike lyding - selfs al is dit van ondergangdreigende aard - heeltemal 'n andersoortige gevoelshoedanigheid onderskei moet word : „The setbacks and disappointments, the sorrows and misfortunes, that strew so liberally the path of ordinary life, require to be magnified a thousandfold before they can rub shoulders with the sublime. And that is why a certain type of literature, however lavish it may be with broken hearts, with thwarted hopes, with chronic melancholia, never attains the stature of the tragic. It belongs, properly speaking, this cloud upon the surface of the soul, to a separate and independent category of aesthetics, to that of the sad."(1)

Lewensbedreiging en lewensvernietiging deur lyding is gemeenskaplike elemente van die droewige (veral die diepdroewige) en die tragiese. Die verskil is egter dat in die geval van die diepdroewige daar geen grootsheid by die held is nie, en dat die kenmerkende kontrasgevoel dus ook ontbreek. Die diepdroewige kan derhalwe beskou word as 'n grensgebied van die tragiese.

In hierdie grensgebied het Prof. Volkelt besonder belangrike en karakteristieke tipes onderskei. Deur die vasstelling van die eie-aard van hierdie tipes val daar ongetwyfeld addisionele klem op die vereiste van grootsheid vir die tragiese - daarom gee ek hier 'n kort samevatting daarvan.(2)

---

(1) Listowell, : „The Aesthetical Significance of the Tragic," pg. 25.
Vgl. ook (a) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pp.57-67.
(b) Simons, L.: „Het Drama en het Tooneel," (Deel I) pg. 49.

(2) Vgl. Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pp. 67 - 72.

As die gewone of kleinlike persoon veral as onskuldige en goeie mens uitgebeeld is, dan ontstaan volgens hom, die roerend-droewige tipe. Hierdie tipe is in sy mees ontwikkelde hoedanigheid gekarakteriseer, as die lydende ook nog boonop hulpeloos is.

Soms is die uitbeelding só dat die lyding, van die karakter sonder grootsheid, die indruk maak van oormatigheid, ondraaglikheid of verskriklikheid. As die persoon groots was, sou die lyding nie so'n folterende, neerdrukkende indruk op ons maak nie, maar sonder die nodige waardevolheid verkry die indruk 'n weersinwekkende, karakter. Hier onderskei Prof. Volkelt dan twee verskillende gevalle. As ons voortdurend afgestoot word deur die uitbeelding van die ellende of lyding, dan het ons die beklaenswaardige of jammerlike. Maar as die beangstigende, verontrustende of verskrikkende elemente oorweeg in die indruk, dan kry ons die ontsettende of afgryslike vorm van die diepdroewige.

Die vasstelling van hierdie verskille toon natuurlik dat dit hier handel oor verskuiwende grense, en dat dit dikwels besonder moeilik sal wees om te bepaal watter vorm voorhande is. Maar alhoewel sulke figure esteties toelaatbaar is, en ook baie dikwels voorkom in tragiese kunswerke, kan hulle tog nie as tragiese helde beskou word nie.

Diegene wat grootsheid dan as opsioneel beskou, fouteer op een of meer van die volgende maniere. Ten eerste kan hulle die idee hê dat dit 'n oordrywing is om grootsheid te vereis, omdat 'n gewone mens reeds as groots beskou word. Hier dink ek veral aan die bewering van Th. Lipps. Maar soos ek aangetoon het, is hierdie opvatting verwarrend omdat dit die grootsheid van gewone en buitengewone mense gelykstel - 'n gelykstelling wat deur geen enkele tragiese kunswerk geregvardig word nie.

Ten tweede versuim hierdie denkers om te onderskei tussen die esteties-tragiese en die metafisies - tragiese.

Omdat die metafisies-tragiese die mens sien in die lig van 'n spesifieke stelsel of lewensbeskouing,(1) kan dit alle menslike lyding, afgesien van die bepaalde indiwidu in en aan wie dit tot uiting kom, as tragies beskou. Vir die estetiee-tragiese is 'n bepaalde persoonlikheid of persoonlikhede egter essensieel.(2) As die bepaalde, grootse persoonlikheid dus nie vereis word nie, het ons te doen met die suiwer metafisies-tragiese - 'n kategorie wat deur die estetiee-tragiese slegs heenwysend aangedui word en wat bearbei word deur die filosofie.

Hier moet ek daarop wys dat die kunstenaar wel gewone, selfs kleinlike persoonlikhede kan gebruik as hooffigure vir die tragiese(3) - maar dan moet hulle simbolies gesien en uitgebeeld wees. Hulle moet „representatieve" karakters word soos Dr. Bierens de Haan dit uitgedruk het.(4) As sulks verkry hulle egter noodwendig 'n besondere betekenisvolheid of waardevolheid wat maar weer dieselfde is as grootsheid.

Ten derde is daar diegene wat grootsheid verwerp omdat hulle ten onregte onder die indruk verkeer dat dit juis koninklikheid of bo-menslikheid is wat vereis word.(5)

Om dan tot duidelikheid te kom, moet daar 'n poging aangewend word om vas te stel wat tragiese grootsheid is. Dis egter vanselfsprekend dat hier nie sprake kan wees van 'n absolute bepaling nie.(6) Al wat m.i. be-oog kan word, is 'n betreklike bepaling - 'n omskrywing of beskrywing, waardeur alle vorms van verwarring sover as moontlik voorkom sal word.

---

(1) Vgl. Hoofstuk II.
(2) Vgl. Hoofstuk II.
(3) Vgl. „Die Wewers" van G. Hauptmann.
(4) Vgl. Bierens de Haan, J.D.: „Het Tragische," pp.99 en 100.
En ook :
a. Ziegler, L.: „Zur Metaphysik des Tragischen," pg. 37.
b. Vaughan, C.E.: „Types of Tragic Drama," pg. 157.
c. Hamilton, E.: „Tragedy", pg. 89.
d. Carriere, M.: „Aesthetik," bd. II. pg. 37.
(5) Vgl. a. Gilbert, A.H.: „The Aristotelian Catharsis," pg. 309.
b. Mc Eachran, F.: „The Roots of Tragedy," pg. 134.
(6) Vgl. ook:
a. Hegel,: „The Philosophy of Fine Art," Vol.IV. pg.336.
b. Vaughan, C.E.: „Types of Tragic Drama," pg. 18.
c. Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pg. 61.

Sulke poginge is dan ook al herhaaldelik aangewend, maar geen enkele bepaling is bevredigend nie. 'n Groot groep denkers het eenvoudig net vasgestel dat die tragiese held grootser moet wees as 'n gewone mens.(1) Dit beteken egter in werklikheid niks meer as die vorige vasstelling dat die held moet groots wees nie - en omdat geen graad of perke aangedui word nie, veroorsaak hierdie bepaling gedurig misverstand en verwarring.

Selfs die kwalifikasie dat hierdie grootsheid nie in alle rigtinge of opsigte vereis word nie, maar slegs in een opsig,(2) verhelp die onbepaaldheid daarvan nog nie. Die vraag bly nog steeds : tot watter mate moet die algemene of gewone mens oortref word?

Sommige skrywers wou die moeilikheid probeer oorkom deur vas te stel in watter bepaalde rigting die grootsheid moet lê. So het Ziegler b.v. alle nadruk laat val op grootsheid van die wil. „Das Wesen des Tragischen," verklaar hy, „beruht auf der immanenten Überspannung des Individualwillens".(3). E. Hamilton spits weer alles toe op die grootse gevoel : „Tragedy is enthroned, and to her realm those alone are admitted that belong to the only true aristocracy, that of all passionate souls. Tragedy's one essential is a soul that can feel greatly. Given such a one and any catastrophy may be tragic. But the earth may be removed and the mountains be carried into the midst of the sea and if only the small and shallow are confounded, tragedy is absent."(4)

(1) Vgl. o.a. :
a. Ziegler, L.: „Zur Metaphysik des Tragischen," pg.37 - 38.
b. Vaughan, C.E.: „Types of Tragic Drama," pg. 157.
c. Listowell, : „ The Aesthetical Significance of the Tragic," pg. 23.
d. Külpe, O.: „ Grundlagen der Ästhetik," pg. 16.
e. Hamilton, E.: „Tragedy," pg. 89.
f. Carriere, M.: „Aesthetik," Bd.I. pg. 162.

(2) Vgl. o.a.:
a. Listowell, : „The Aesthetical Significance of the Tragic," pg. 25.
b. Volkelt, J. : „Ästhetik des Tragischen," pg. 59 - 60.

(3) Ziegler, L.: „Zur Metaphysik des Tragischen," pg. 40.

(4) Hamilton, E.: „Tragedy," pg. 88.

Hierdie opvatting is onhoudbaar omdat dit tog besonder eng is om te beweer dat die mens net in <u>een</u> opsig buitengewoon <u>kan</u> wees - en buitengewoonheid is al eis wat albei genoemde skrywers aan die tragiese held gestel het.[1] Daar is geen oortuigende rede waarom die tragiese persoon juis groots moet wees net ten opsigte van sy wils - of gevoelslewe nie. Die kontrasgevoel waarvan ek vroeër melding gemaak het, ontstaan nie net in hierdie rigtings nie, „sondern auch dort wo der Grösse der leidenden Person --- nach der Richtung....der Phantasie, des Sinnens und Denkens hin liegt."[2]

Diegene wat vereis dat die held 'n simboliese figuur moet wees - simbolies van die mensheid - is aan die een kant geneig om die grootsheid te oordryf, want elke tragiese held is nie juis <u>so</u> dat 'n mensheidsbeeld in hom herkenbaar is nie.[3] Aan die ander kant bly hierdie bepaling ook maar vaag en onbevredigend, want feitlik elke gewone mens kan in bepaalde sin ook simbolies wees.

In sy kritiek op die oordrywing van grootsheid deur die Duitse spekulatiewe estetici, kom Prof. Volkelt eindelik tot die idee van menslike grootsheid.[4] Hierin het hy myns insiens 'n uitdrukking gevind wat veel verwarring kan voorkom. Nie alleen die oordrywing van grootsheid nie, maar ook die onderskatting daarvan word deur hierdie bepaling verhinder. As 'n mens tragies ly, het Prof. Volkelt tereg aangedui, is dit tog maar die menslike in hom wat ly - al is hy ook watter geweldige held. „Der tragische Eindruck verflüchtigt sich sofort, wenn man das Menschliche nur als dünne Hülle einer Idee, eines Göttlichen auffasst."[5]

Maar ten spyte van die genoemde voordele van die bepaling „menslike grootsheid", moet ek tog wys op 'n onvolledigheid

---

(1) Vgl. verwysinge op pg. 161.
(2) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pg. 75.
(3) Dis egter wat Dr. Bierens de Haan vereis. Vgl. „Het Tragische," pg. 123.
(4) Vgl. Volkelt J.: „Ästhetik des Tragischen," pg. 57 - 63.
(5) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pg. 58.
Vgl. ook : Schiller, : „Werke," Bd. VI. pg. 55.

daarin. As dit beteken grootsheid van enige menslike hoedanigheid, dan sou dit ook buitengewone kleinlikheid b.v. kon insluit - en dis tog nie die bedoeling nie. Hierdie moeilikheid het Prof. Volkelt aangevoel en toe „menslike grootsheid" as volg gedefinieer : „Unter menschliche Grösse aber verstehe ich ein fühlbares[1] Überragen des menschlichen Mittelmasses nach irgendeiner bedeutungsvollen[1] Seite hin. ..... Natürlich darf dies keine nebensächliche Seite sein, denn es soll ja der fühlbare Eindruck erzeugt werden, dass die Person überhaupt, als Ganzes betrachtet, einen über das Gewöhnliche hinausreichenden Wert darstelle. Von der einen, beschränkten Seite aus, nach der die Grösse der Person liegt, muss sich die ganze Person derart gehoben zeigen, dass wir das bestimmte Gefühl haben, es liege hier ein menschlich hervorragender Fall vor."[2]

Deur die verduideliking dat die gewone op voelbare wyse en in 'n betekenisvolle opsig oortref moet word, het Prof. Volkelt daarin geslaag om die grootsheid van die tragiese held op so'n manier te bepaal, dat dit feitlik geen misverstand en verwarring meer kan veroorsaak nie.

Net in een opsig kan dit miskien nog duideliker wees. Dis soms moeilik om vas te stel wat betekenisvol is, sodat daaroor verskil van mening kan bestaan. Hierdie onbepaaldheid kan verder verhelp word deur „wesenlike-menslike grootsheid" te gebruik in plek van net „menslike grootsheid." Wat wesenlik menslik is, behoort aan die mens alleen en aan geen ander lewende wese nie. As 'n persoonlikheid dan in hierdie opsig groots is, is hy van genoegsame betekenisvolheid vir die tragiese. Geen tragiese held kan trouens groots wees nie, of hy moet dit in díe opsig wees.[3]

(1) Ek onderstreep.: G.J.J.
(2) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pp. 59 en 60.
(3) Vgl. bl. Hoofstuk X. vir vollediger uiteensetting van die wesenlik-menslike.

Soos ek aanvanklik verklaar het, kan grootsheid uit die aard van die saak nie absoluut bepaal word nie. Dit geld natuurlik ook vir die vasstelling wat hier aangebied word. Tog is ek oortuig daarvan dat die begrip „wesenlik-menslike grootsheid" alle onderskatting en oordrywing van grootsheid kan voorkom.

Behalwe die vereiste van wesenlik-menslike grootsheid is dit feitlik onmoontlik om nog verdere essensiële hoedanighede vir 'n tragiese held voor te skryf. Dixon het aangetoon hoe besonder moeilik dit is om 'n karakter presies te ontleed en te bepaal, en dat dit derhalwe uiters gewaagd is om te wil vasstel watter hoedanighede die tragies-gevaarlikste is. „In all but the rarest cases such matters are disputable and endlessly disputable. The best of judgements in human affairs may be unfortunate, and even prove the worst - these and not the obvious lunacies are the tragic errors. There are many simple folk in the world, but who is so simple as to assume that all the problems of conduct are open to definite solution?[(1)] Lucas gaan nog 'n stap verder en verklaar: „But we realise, too, that there is no rule about the character of tragic characters except that they must have character."[(2)]

As 'n mens die groot vereiste van wesenlik-menslike grootsheid uitsonder, is hierdie stelling ongetwyfeld juis waar. 'n Indeling of bepaling van die eie-aard van tragiese helde sal feitlik neerkom op 'n beskrywing van al die helde van die verskillende tragiese kunswerke.[(3)] Prof. Volkelt het hierdie feit beklemtoon en daarop gewys dat 'n mens slegs op baie breë grondslag kan vasstel watter soort karakters tragies gevaarliker is as ander.[(4)] Sy beskouinge, wat in hierdie opsig seker as die indringendste beskou moet word, kom dan slegs daarop neer dat karakters met innerlike tweespalt tragies-gevaarliker

(1) Dixon, Macneile.: „Tragedy," pg. 134.
(2) Lucas, F.L.: „Tragedy," pg. 110.
(3) Vgl. die poging van Nicoll, A.: „The Theory of Drama," pg. 147 - 152.
(4) Vgl. Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pg.293-304.

is as ander. Meer sou niemand graag wil voorskryf nie. „In view of the great variety of difference which further separates particular characters in this type of poetry" (tragiese digkuns), het Hegel verklaar, „it is impossible to do much in the way of generalization."(1)

Dit is egter moontlik om op negatiewe wyse, enkele hoedanighede aan te toon wat nie by 'n tragiese held mag voorkom nie. So mag die kunstenaar in sy uitbeelding van die held bv. nie die vasgestelde vereistes van tragiese lyding, noodwendigheid, konflik, skuld of ondergang enige geweld aandoen nie.(2) Die held moet op ondergang-dreigende wyse ly, en in die lyding moet die pluriformiteit van noodwendigheid gehandhaaf word - m.a.w. die held mag nie willekeurig wees nie en mag nie net aan sy eie innerlikheid alleen,(3) of aan uiterlike magte alleen ly nie. Hierdie hoedanighede moet in die konflik of situasie waarneembaar word en die held noodwendig tot ondergang voer.

Dr. Bierens de Haan het tereg ook aangetoon dat die tragiese held 'n problematiese karakter moet hê - 'n karakter wat nie bloot enkelvoudig mag wees nie : „Een karakter moet problematisch zijn om tragisch te wezen. Een ziel van volkomen simpliciteit, zooals Antigone's zuster Ismene, draagt geen tragisch lot. Voor haar geldt geen probleem. Zij weet haar weg juist door de onsamengesteldheid van haar wezen. ... Ook een andere enkelvoudigheid weerstaat de tragiek van het karakter : het rechtlynig karakter, door één gedachte en wil geleid en geen andere mogelijkheid dan de eene kennend. .... Om dezelfde reden zijn de wilssuperlatieve figuren uit Corneille's drama geen tragische figuren. ....... Verwant hieraan is een derde mogelijkheid, de mensch in wiens karakter het problematische niet ontbreekt, de mensch van een ingewikkelde natuur, maar die door het overwicht zijner redelijke en

(1) Hegel, :„ The Philosophy of Fine Art," Vol IV. pg. 336.
(2) Vgl. die verskillende hoofstukke asb.
(3) Vgl. ook Hegel, :„ The Philosophy of Fine Art," Vol. IV, pg. 338.

zedelijke grootheid tegen het lot bestand is."(1)

Vervolgens mag die tragiese held nie as abstrakte wese uitgebeeld word nie.(2) Hy moet lewenswaar en as 'n bepaalde persoonlikheid voorgestel word. „In doppelter Hinsicht müssen die tragischen Charaktere der Psychologie gerecht werden. Einmal müssen sie in ihrer Grundgestalt uns als menschlich glaubhaft vor Augen stehen, sie müssen uns von ihrer Lebensfähigkeit überzeugen. Machen die Gestalten.... den Eindruck der Verkörperung einer Tendenz, oder erscheinen sie ausgeklügelt, herausgequält, so dass man den auf Seltsames, Verschrobenes ausgehenden Dichter dahinter spürt,... so sinkt mit unserem Glauben an ihre Lebensfähigkeit auch der tragische Eindruck!"(3)

Maar deur wesenlik-menslike grootsheid as voorwaarde te handhaaf,(4) word daar aan al die genoemde vereistes voldoen. Elke uitbeelding waarin so'n grootsheid tot openbaring kom, moet noodgedwonge ook reg laat geskied aan die vereistes wat ek gestel het vir lyding, noodwendigheid, konflik, skuld en ondergang.(5)

Elke held wat wesenlik-menslik groots is, moet ook problematies wees, want waar engheid en eensydigheid uitgesluit is, kan geen „enkelvoudigheid" bestaan nie. Tenslotte is dit byna onnodig om daarop te wys dat wesenlik-menslikheid noodwendig ook altyd lewenswaarheid moet beteken.

(1) Bierens de Haan, J.D.: „Het Tragische," pp. 88 - 92.
(2) Dit sluit simboliek nie uit nie - solank as die simboliek duidelik is, sodat geen verwarring veroorsaak word nie.
(3) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pg. 371. (Ek verwys natuurlik nie hier na alle estetiese vereistes i.v.m. karakteruitbeelding nie. Dit word veronderstel.
(4) Vir beide helde en heldinne natuurlik - want lge. kan net so goed wesenlik-menslik groots wees. Vgl. slegs Antigone. bv.
(5) Vgl. asb. laaste hoofstuk vir volledige motivering.

# HOOFSTUK IX.

## MISTERIE.

Die raaiselagtige of onverklaarbare waarmee selfs die eenvoudigste vorm van lewe omnewel bly, bereik ongetwyfeld sy hoogtepunt in die mens. As kroon van die skepping[1] en hoogste vorm van lewe[2], bly die mens maar vir homself 'n geheimenis - 'n onoplosbare raaisel. Ten spyte van al die naarstige strewe tot oplossing en verklaring deur die eeue heen, hang daar vandag nog 'n duistere sluier nie alleen oor sy oorsprong en bestemming nie, maar selfs ook oor sy bestaan. Na sy diepste wese bly die mens misterie.

Ook die kosmos in sy eenheid en verskeidenheid is vir die mens nog tot 'n hoë mate onverklaarbaar,[3] en al wat ons van die waarheid weet, is dat dit na sy wese onverstaanbaar is : „Wir wissen von der Wahrheit nichts anderes, als dass sie in präziser Weise unerfassbar ist. Sie ist die Absoluteste Notwendigkeit, die nicht mehr und nicht weniger ist, als sie ist, unser Verstand ist ihr gegenüber immer nur die Möglichkeit. Das Was der Dinge, das die Wahrheit des Seienden ist, bleibt in seiner Reinheit unerreichbar. Alle Philosophen haben es gesucht, aber keiner, wie es an sich ist, gefunden. Je gründlicher aber unsere Überzeugung von diesem Nichtwissen ist, desto mehr werden wir uns der Wahrheit nähern."[4]

Ten opsigte van die volle werklikheid en waarheid ken ons dus voorwaar slegs ten dele,[5] en al ons denke skep slegs raaisels.[6]

As elke tragiese kunswerk dan 'n beeld moet gee van die wesenlike in en aan die mens,[7] dan kan dit nie anders as om

---

(1) Vgl. Genesis I, 26 - 28.
(2) Vgl. Broom, Dr.R.: „The Coming of Man," pp.12 en 218.
(3) Vgl. Bernhart, J.: „Tragik im Weltlauf," pg. 5.
(4) Nicolaus Cusanus, De docta ignorantia 1, 3 : aanhaling deur J. Bernhart, „Tragik im Weltlauf," pg. 8.
(5) Vgl. 1. Korinthiërs, 13 : 9 - 12.
(6) Vgl. Bernhart, J.: „Tragik im Weltlauf," pp. 5 - 9.
(7) Vgl. ook :
a. Malherbe, F.E.J.: „Lewensvorme," pg. 9.
b. Bierens de Haan, J.D.: „Het Tragische," pg. 52.

ook die onverklaarbare in te sluit nie, en die tragiese gevoelshoedanigheid sal dus benewens sy ander karaktertrekke, ook 'n element van onverklaarbaarheid omvat.

Ek dink hier natuurlik nie aan die misterieuse atmosfeer wat so dikwels in die vroeëre tragiese kunswerke ontstaan het, bloot as gevolg van die optrede van bonatuurlike wesens (gode of spoke bv.) nie,(1) maar aan 'n inherente en essensiële hoedanigheid, waarsonder geen kunswerk tragies kan wees nie. 'n Kunswerk waarin die lewensmisterie ontken word, waarin daar gepoog word om alles glashelder en finaal te verklaar, gee noodgedwonge 'n verdraaide beeld van die werklikheid en die waarheid. „By this process," (die van alles te wil oplos, G.J.J.) verklaar Moore Smith, „...... Tragedy is not so much explained as explained away. Every one can consider the significance which he attaches to the word Tragedy, and what process of feeling and reflection passes through his mind when reading or witnessing a tragic work. The reader is invited to make such a process of introspection, and to decide for himself whether an element of <u>mystery</u> is not inseparable from Tragedy in his conception of it, ..... whether, in short, a tragedy in which everything can be explained and justified is actually a tragedy at all. ......... The change which has come about ( in die lot van die held. G.J.J.) has no explanation or cause which the mind can accept or rest in ; there is a sense of mystery which is something ultimate and for tragedy essential. ...... It is the presence of this haunting sense of mystery that makes Hamlet and Macbeth such great and representative tragedies."(2)

Dit handel hier dus nie oor 'n spookagtigheid of 'n vreesagtigheid vir die bonatuurlike nie, maar oor 'n lewensmisterie -

---

(1) Vgl. Crutchfield, H.M.: „Elizabethan and Athenian Tragic Drama Compared and Contrasted," pg. 24.
(2) Moore Smith, G.C.: „Essays and Studies," pp. 18 en 26.
Vgl. ook :
a. Hale, E.E.: „ Dramatists of Today," pp.236,239 en 240.
b. Matthaei, L.E.: „ Studies in Greek Tragedy," pp. 112.
c. Dixon, Macneile,: „Tragedy", pp. 39 - 46.
d. Murray, G.: „The Classical Tradition in Poetry," pg. 66.

'n onverklaarbare [illegible] of wonder wat oorbly, nadat die mens met alle vernuf e[illegible]ingrykheid, die wese van sy eie bestaan en die bestaande buite hom probeer deurgrond het.

In sy indringende studie oor die ooreenkoms tussen Hamlet en Orestes het Prof. Gilbert Murray daarop gewys dat hierdie onverklaarbaarheid eie is aan die tragedie sedert sy ontstaan.(1) Sy beskouinge kom feitlik daarop neer dat die tragedie in sy oorsprong niks anders was nie as 'n poging van die primitiewe mens om sin te gee aan die geheimenisse van lewe en dood.(2)

Die belangrikheid van hierdie aspek vir 'n juiste begrip van die tragiese is besonder sterk beklemtoon deur Dr. Bierens de Haan : „Het tragische geldt het misterie van het levenslot, waaraan machten meewerken, niet van de ervaarbare wereld. ....... De tragedie, ook de moderne, is misteriespel. Daarin wordt niet een exceptioneel levensgeval voorgesteld, maar het menschelijk leven in zijn dieptenatuur gepeild. .... En met deze struktuur stemt overeen de historische afkomst...(3) ... De moderne tragedie stamt uit de klassieke, en de klassieke wortelt in de oude viering van den stervenden god; en willen wij het tragische tot zijn bodem toe verstaan, dan moet daarin dit teruggaand perspektief worden inbegrepen."(4)

Die raaiselagtige of misterieuse kom tot uiting in al die karaktertrekke van die tragiese gevoelshoedanigheid. As Willard Farnham dus verklaar : ...„ I have been guided by a conception that tragic expression is a special artistic and critical approach to the mystery of man's suffering on earth"(5) dan verloor hy uit die oog dat die tragiese nie net die misterie in lyding alleen aantoon nie, maar ook in die noodwen-

---

(1) Vgl. Murray, G.:„ Hamlet and Orestes," pp. 3 - 27.
(2) Vgl. asb. vollediger uiteensetting hiervan in Hoofstuk I.
(3) Bierens de Haan, J.D.:„Het Tragische," pg. 26.
(4) t.a.p. pg. 52.
(5) Farnham, W.:„ The Medieval Heritage of Elizabethan Tragedy," pg. XII.
Vgl. ook: a. McFadyen, J.E.:„ The Problem of Pain," pg.60.
b. Vaughan, C.E.:„ Types of Tragic Drama," pg.272.

digheid waarvolgens die lyding plaasvind, in die konflik, in die skuld, in die ondergang en selfs in die grootsheid.

Op die onverklaarbaarheid in tragiese noodwendigheid het ek reeds vroeër gewys.(1) Die blote bestaan van die begrip „noodlot", in feitlik alle tale, is reeds genoegsame bewys dat die mens die kousale betrekkinge in die lewe nie volkome kan deurgrond nie.

Ook tragiese konflik is onberekenbaar, en vind plaas tussen magte wat nie altyd deur die mens volledig bepaal kan word nie. Prof. G. Murray het dit as volg saamgevat : „What is really characteristic is that, from the very beginning, the tragic conflict has in it an element of mystery ....... The contest takes place on a deeper level of reality. It is not to be estimated in terms of ordinary success or failure, ordinary justice and injustice, but in those of some profounder scheme of values in which suffering is not the worst of things nor happiness the best."(2)

So is dit ook met skuld, ondergang en grootsheid. Die problematiese in al hierdie hoedanighede besef 'n mens veral as hulle in onderlinge verband met mekaar gesien word. Wie sal verklaar hoe grootse mense noodwendig kan in skuld verval en op onverbiddelike wyse moet ondergaan? Al die faktore rus uiteindelik in 'n lewensmisterie,(3) waarvoor die mens geen absolute oplossing het nie.

Maar al is die onverklaarbare so'n belangrike en essensieële faktor vir die tragiese - dit mag tog nie as enigste hoedanigheid van hierdie gevoelswyse beskou word nie. Die bloot misterieuse, hoe aangrypend en verhewe dit ook al is, mag nooit vereenselwig word met die tragiese nie.

---

(1) Vgl. asb. Hoofstuk IV.
(2) Murray, G.: „The Classical Tradition in Poetry," pg. 66.
Vgl. ook: a. Hale, E.E.: „Dramatists of Today," pg. 232.
b. Cohn, J.: „Das Tragische und die Dialektik des Handelns," pg. 94.
(3) Vgl. ook : Witkowski, G.: „Das Tragische als Grundgesetz des Lebens und der Kunst, im Anschluss an Hebbels Denken und Dichtung," pg. 98.

Die onverklaarbare alleen sou in vergelyking met die tragiese 'n te onvolledige en abstrakte belewing wees. Vir die tragiese word ook die konkrete en werklike vereis - die problematiese moet hier as't ware in 'n bepaalde persoonlikheid geaktualiseer en aanskouelik gemaak word.

Tragiese onverklaarbaarheid of misterie bestaan dus nie in 'n volkome onbegrypbare sinloosheid of willekeurigheid nie.(1) Dit laat geen chaos vermoed nie(2) - dit versteur geeneen van die ander vereistes vir die tragiese gevoelshoedanigheid nie. Dit laat die mens geen volkome verklaring toe nie, maar dit versluier ook nie alles nie. Die tragiese kunstenaar het te doen met die wesensgronde van die menslike lewe en hy moet in ooreenstemming daarmee volle reg laat geskied aan die dualistiese daarin. Nie alleen die wet nie, maar ook die wonder vereis sy aandag. Matthaèi het dit ingesien : ,,....... it is the business of the tragic poet, not indeed to present an explanation, but at least to suggest the hope that there may be such a thing. Thus we may define tragedy as swaying between a sense of mystery and a hope of illumination. A play which is entirely explained is simply a morality play; a play which is all inexplicable is only a meaningless photograph of the surface chaos of life; such a meaningless jumble is a melodrama, where even the most amazing experiences seem to alter nothing, and therefore to explain nothing, in the characters. Every artist has to find his own particular compromise between mystery and illumination - for compromise is all it ever can be."(3)

Net soos die heilsverwagting 'n verheffende krag is, selfs by die onverbiddelikste ondergang, so is ook die hoop op verklaring en opheldering in die misterieuse, 'n teenwig teen alle slaafse fatalisme. ,, Uit die Skrifopenbaring Gods," verklaar Prof. Stoker, ,, weet ek dat Sy dade aan 'n hoëre orde behoort

(1) Vgl. ook : Hale, E.E.: ,,Dramatists of Today", pg. 232.
(2) Vgl. ook.: a. Dixon Macneile: ,,Tragedy," pg. 40.
b. Hegel, : ,, The Philosophy of Fine Art," pg.147.
(3) Matthaèi, L.E.: ,, Studies in Greek Tragedy," pg. 158.

as die gebeure in die kosmos. Hy is as Wetgewer bo die wet en die orde van sy dade is dus bowetmatig. Die kosmiese gebeure is onder die wet, dus wetsbepaald. Gods wonderkousaliteit moet onderskei word van die kosmiese, wetsmatig bepaalde kousaliteit. Waar die menslike kenne wetsgebonde is, is dit vir hom prinsipieel onmoontlik om wonderkousaliteit te verklaar : hy aanvaar die bestaan daarvan in geloof."(1)

So'n wonderkousaliteit, waarin daar 'n heilsverwagting geregverdig is, moet die tragiese kunstenaar deur alle misterie heen, tog op duidelike wyse voelbaar maak.

(1) Stoker, H.G. : „Iets oor Kousaliteit en Kousaliteitskennis," pg. 68.

# HOOFSTUK X.

## DIE TRAGIESE AS BEGELEIDENDE GEVOELSHOEDANIGHEID VAN DIE WESENLIK-MENSLIKE.

In ooreenstemming met die voorafgaande is die tragiese gevoelshoedanigheid in elke kunswerk dan afhanklik van die genoemde sewe faktore of voorwaardes. Lyding ontstaan nie sonder konflik nie, en konflik is onmoontlik sonder die bestaan van verskillende noodwendigheidsreekse en sonder die aanleiding van 'n skuldfaktor. Die noodwendigheid voer die held op onverbiddelike wyse tot ondergang,(1) terwyl die hele proses, wat deurgaans betekenisvol of groots moet wees, in sy wesensgrond tog maar altyd 'n onverklaarbaarheid, 'n geheimenis bly.

Die tragiese gevoelshoedanigheid ontstaan ook slegs waar daar 'n antisiperende en retrosiperende wisselwerking plaasvind tussen hierdie faktore of elemente - waar hulle mekaar onderling veronderstel, vereis en aanvul. Dit is as gevoelshoedanigheid, 'n organiese eenheid - 'n „Gesamtgefühl"(2) - waarin die verskillende elemente slegs onderskeibaar is, nie skeibaar nie. Sodra hulle geskei word, sodra die totaliteit van die gevoel of die besondere wisselwerking, buite rekening gelaat word, het 'n mens te doen met iets anders as die esteties-tragiese.

Hierdie vasstelling beklemtoon terselfdertyd die uniekheid en eiesoortigheid van die tragiese, sodat dit aan die een kant nie verwar kan word met enige ander estetiese kategorie nie, en aan die ander kant ook geen grond bied vir die onderskeiding van meer as een soort tragiese gevoelshoedanigheid nie.

Sommige denkers het wel meer as een soort tragiek aangedui, maar myns insiens berus al hulle beskouinge op

---

(1) Die ondergang hoef natuurlik nie in die kunswerk voltrek te word nie - maar moet in alle geval as onontwykbaar voorgestel word. Vgl. asb. Hoofstuk VII.

(2) Vgl. asb. Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pp. 253 - 254.

valse grondslae. Th. Lipps bv. vind dit nodig om te onderskei tussen karakter-tragiek en noodlotstragiek. „Vor allem", verklaar hy, ..... „fragt es sich endlich wofür oder um weswillen ein Mensch leidet. Hier nun besteht ein Grundgegensatz zweier Arten der Tragik : Ein Mensch kommt zum Leiden durch ein gutes Wollen; oder aber er kommt dazu durch die Kraft eines bösen Wollens. Er leidet um des Guten, oder aber er leidet um des Bösen willen. Dort geschieht ihm Unrecht, hier geschieht ihm mehr oder minder Recht. Hiermit sind, wie gesagt, zwei entgegengesetzte Arten der Tragik bezeichnet. Wir können sie nennen, ‚Tragik des Übels' und ‚Tragik des Bösen'. Damit soll gesagt sein, dass im einen Falle das Leiden ein Übel ist, das dem Menschen widerfährt, dass es im andern Falle durch das Böse im Menschen verschuldet ist. Das Gleiche sagen die namen, ‚Schicksalstragik' und ‚Charaktertragik'. In einen Falle trägt das Schicksal, im anderen der Charakter für das Leiden die Verantwortung."(1)

In hierdie beskouing fouteer Lipps myns insiens op tweërlei wyse. Ten eerste beskou hy die skuldfaktor ten onregte, as heeltemal opsioneel, en ten tweede het hy 'n verdraaide opvatting van tragiese noodwendigheid. Soos ek aangetoon het,(2) bestaan daar geen tragiese kunswerk waarin die skuldfaktor nie op een of ander wyse voelbaar gemaak word nie. Dat die held self dikwels as onskuldig - in die sedelike sin - voorgestel word, maak hieraan egter geen verskil nie, want tragiese skuld moet liewer gesien word in verband met noodwendigheid as in verband met 'n bepaalde persoonlikheid. Tragiese skuld toon nie net die noodwendige gevolge van wetsverbreking aan een persoon nie, maar aan geslagte, selfs aan die mensheid.

(1) Lipps, Th.: „Grundlegung der Ästhetik," pp.568-569.
(2) Vgl. asb. Hoofstuk VI: „Tragiese Skuld."

Om dus 'n vorm van tragiek te onderskei waarin daar geen sprake is van skuld nie, is 'n verenging van die tragiese - en as Lipps dit nie doen nie, verval sy „Tragik des Übels" of „Schicksalstragik," sodat daar net een soort oorbly.(1)

Maar in die teëstelling karaktertragiek en noodlotstragiek word daar ook inbreuk gemaak op die meerslagtige of pluriforme betekenis van tragiese noodwendigheid. Om die tragiese te laat ontstaan, moet nie alleen die immanente noodwendigheid nie, maar ook die transendente vorm daarvan in werking gebring word.(2) En aangesien die kousaliteit van die karakter net soos die kousaliteit van die teenmagte buite hom, elkeen immanente en transendente noodwendigheidsvorme kan insluit, is dit verkeerd om te praat van blote karaktertragiek of blote noodlotstragiek. Albei hierdie aspekte moet beklemtoon word. Waar die karakter ten koste van die noodlot (of noodwendigheid) op die voorgrond gedring word, of omgekeerd, het 'n mens te doen met 'n verdraaide begrip van noodwendigheid - 'n begrip wat net so min in ooreenstemming is met die wesenlike in die menslike lewe, as met die tragiese. Die noodlot mag beklemtoon word, maar nie uit verhouding met die karakter nie - en omgekeerd -, sodat dit onjuis en verwarrend is om in hierdie opsig twee vorms van die tragiese te wil onderskei.(3)

Maar ten spyte van die feit dat Lipps 'n „Grundgegensatz" gesien het tussen die twee genoemde „vorme" of „soorte" van die tragiese, verklaar hy tog onmiddellik daarna : „Dies schliesst nicht aus, dass in beiden Fällen

---

(1) Vgl. vorige verwysing : Lipps, Th.: „Grundlegung der Ästhetik," pp. 568 - 569.
(2) Vgl. asb. bepaling van die eie-aard van tragiese noodwendigheid ( Hoofstuk IV.)
(3) Ek mag hier byvoeg dat hierdie opvatting bevestig word deur alle groot tragiese kunswerke uit die klassieke sowel as die moderne tydperk. Die modernes het die noodlot verinnerlik, in die karakter geplaas, maar nie opgelos of oorwin nie; en die Griekse grootmeesters het nooit alle menslike vryheid ontken nie.

das Leiden durch das Schicksal herbeigeführt, und durch den Charakter begründet ist. Alles, was dem Menschen widerfährt, liegt in Beidem zugleich. Nichts, was dem Menschen widerfährt, hat jemals in seinem Charakter allein seinen Grund, oder ergibt sich daraus, wie man wohl gesagt hat, mit „Notwendigkeit!"[1] En om 'n teenstrydigheid te voorkom moes hy toe laat volg : „Und es bleibt auch in beiden Fällen der letzte Sinn der Tragik der gleiche" - sodat die sogenaamde „Grundgegensatz"[2] reeds in sy eie beskouinge feitlik geen besondere betekenis meer het nie.

Net so verwarrend is Prof. Volkelt se onderskeiding van bevrydende en neerdrukkende tragiek. „Es kommt darauf an," verklaar hy in hierdie verband, „ob der Dichter ein derartiges Zusammenwirken erhebender Gefühle nach Zahl und Beschaffenheit herbeiführt, dass in dem Gemüte gegen den Druck des Tragischen eine fühlbare Gegenwirkung erzeugt wird, oder ob die erhebenden Momente, zu deren Verwertung der Dichter durch Stoff und Behandlungsweise geführt wird, ein fühlbares Gegengewicht nicht hervorzubringen imstande sind. Entweder entsteht durch das Zusammenwirken der erhe[illegible] Momente eine für den Gesamteindruck des Tragischen m[illegible]ggebende Wirkung: dem Eindruck des Furchtbaren s[illegible]ich erleichternde, befreiende Gefühle derart entgegen, dass für den Gesamteindruck des Tragischen nicht bloss jener, sondern auch diese in Betracht kommen. Dieser Gesamteindruck ist durch die befreienden Gefühle wesentlich mitbestimmt. Oder aber die befreienden Gefühle sind von so geringer Wirkung, dass der Gesamteindruck des Tragischen wesentlich nur durch die Gefühle des Furchtbaren bestimmt erscheint. Im tragischen Gesamtgefühl erscheinen die Gefühle des Furchtbaren als derart beherrschend, dass das

(1) Lipps. Th.: „Grundlegung der Ästhetik," pg. 568.
(2) t.a.p. pg. 568.

Tragische nicht als Synthese aus zwei einander entgegen - strebenden Faktoren gefühlt wird. Dort haben wir das Tragische der befreienden, hier das der niederdrückenden Art."(1)

Vir my is dit egter essensieel dat die tragiese gevoelshoedanigheid tegelykertyd verheffende sowel as neerdrukkende elemente sal insluit, op so'n wyse dat die neerdrukkende of pessimistiese sal oorweeg - sonder om 'n fatalistiese indruk te maak.(2) Hieruit blyk dat die genoemde elemente volgens bepaalde verhouding in die tragiese aanwesig is, en as die eie-aard van 'n besondere gevoelshoedanigheid juis in 'n bepaalde verhouding tussen bepaalde elemente bestaan, dan is enige verandering in die elemente of in hulle verhouding, tog ook 'n verandering van die besondere gevoelswyse self. Sulke veranderinge is natuurlik moontlik, maar dis myns insiens uiters verwarrend om dan nog die oorspronklike naam te wil gebruik. Die tragiese van die bevrydende aard is inderdaad net so min tragies as die humoristiese, terwyl die neerdrukkende tragiek ewegoed fatalisme genoem kan word.

Op analogiese wyse wil ek beswaar maak teen die sogenaamde indiwidueel-menslike en tipiesmenslike tragiek. Dis albei ook onderskeidinge van Prof. Volkelt. „Wir sahen.. ............ dass das Tragische in besonderem Masse unter der Norm des Menschlich - Bedeutungsvollen steht. Das Menschlich - Bedeutungsvolle findet sich hier zum Schicksalsmässigen, zum Menschheitlich - Bedeutungsvollen gesteigert. Nun macht sich aber in dieser Beziehung ein wichtiger Unterschied bemerkbar. Wir dürfen von einem Tragischen der individuell - menschlichen und einem Tragischen der typisch-menschlichen Art reden. Diese zweite

(1) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pg. 232.
(2) Vgl. asb. Hoofstuk VII.

Form bringt Bedeutung und Kern des Lebens und Strebens nicht nur zu stärkerem, sondern auch zu umfassenderem Ausdruck. In kurzer Bezeichnung könnte man sagen : das Tragische der individuellmenschlichen Art stellt Gegenstände dar, die nur in psychologischer Hinsicht menschheitlich - bedeutungsvoll sind, während der Gehalt des Tragischen der anderen Form etwas für die Entwicklung der Menschheit Unentbehrliches, vielleicht gar dauernd Unentbehrliches darstellt."(1)

Vir die esteties-tragiese is dit egter essensieel dat nie alleen elke enkelgeval 'n algemene of mensheidlike betekenis sal kry nie, maar dat elke mensheidlike geval ook vasgeknoop sal word aan 'n bepaalde persoonlikheid. Sodoende omvat die tragiese beide die indiwiduele en die algemene, die besondere en die tipiese. 'n Tragiese uitbeelding mag nooit op eensydige wyse slegs die isolerende of besondere omvat nie, - of dit sal in oppervlakkigheid verval. As dit egter net die algemene of mensheidlike wil gee, sal dit noodgedwonge met leë simbole moet werk en in volkome abstraksie verval. 'n Bepaalde verhouding is ook hier essensieel - die indiwiduele of besondere moet die algemene of tipiese heenwysend aandui(2) - 'n enige afwyking daarvan moet net soos in die ander genoemde gevalle, noodwendig die tragiese gevoelshoedanigheid versteur.

Dieselfde geld Müller-Freienfels se berustings-, heroïese-, skuld- en idee-tragiek.(3) Hierdie faktore word

---

(1) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pg. 329.
In die volgende gevalle word daar gedui op ooreenstemmende onderskeidinge as die van Prof. Volkelt, maar aangesien dit slegs sydelingse verwysinge is, bespreek ek dit nie afsonderlik nie :
(a) Moore Smith, G.C.: „Essays and Studies," pg. 36.
(b) Scheler, Max.: „Zur Phänomen des Tragischen," pg.249.
(2) Vgl. asb. Hoofstuk II: die verskil tussen die esteties-tragiese en die metafisies - tragiese.
(3) Vgl. Müller-Freienfels, R.: „Psychologie der Kunst," pp. 227 - 228.

ook almal terselfdertyd en in bepaalde verhouding - deur die tragiese vereis, sodat dit verwarrend is om een van hulle uit te sonder vir besondere beklemtoning. Die berustings-element bv. kan wel tot 'n sekere mate groter of kleiner wees in verhouding met die ander genoemde elemente, maar dit mag in albei rigtinge 'n bepaalde grens nie oorskry nie - of dit sal die tragiese versteur. Dieselfde geld al die ander elemente.

Die handhawing van die eiesoortigheid en uniekheid van die esteties-tragiese gevoelshoedanigheid beteken dus nie dat al die genoemde elemente in elke tragedie of tragiese kunswerk, presies eners beklemtoon moet word nie. In een werk sal die noodlot bv. effens meer beklemtoon wees as die karakter, die neerdrukkende miskien meer as die verheffende, die indiwiduele meer as die algemene of mensheidlike ens., maar hierdie speling van minder of meer mag slegs plaasvind tussen vaste grense. Waar die grense oorskry word, sal dit die bepaalde balans of verhouding tussen die elemente - die verhouding wat essensieel is vir die tragiese - versteur. Binne die bepaalde grense kan daar slegs een gevoelshoedanigheid onderskei word - nl. die tragiese.

Hierdie beskouing maak dit moontlik dat 'n mens kan praat van 'n bepaalde of liewer unieke gevoelshoedanigheid in verskillende kunswerke. As dit nie gehandhaaf word nie sal 'n mens genoodsaak wees om in elke afsonderlike kunswerk 'n volkome andersoortige totaalgevoel te onderskei. En dit kom my voor asof Müller-Freienfels hierdie implikasie ook besef het, want nadat hy sy viertal verskillende soorte tragiek vasgestel het, laat hy volg : „ Diese Typen sind nicht erschöpfend ......"(1) As 'n mens oordeel vanuit

(1) Müller-Freienfels, R.: „ Psychologie der Kunst," pg.228.

sy standpunt, dan is hulle ook inderdaad nie genoeg nie. Waarom sou daar, behalwe die genoemde soorte - die van Prof. Volkelt en Th. Lipps ingesluit - dan nie ook gepraat mag word van bv. realistiese, naturalistiese, romantiese,[1] komiese of humoristiese tragiek nie? Om konsekwent te wees, behoort hierdie denkers vir elke moontlike estetiese gevoelswyse nog 'n soort tragiek te onderskei, want hulle kan almal in bepaalde verbinding met die tragiese voorkom.[2]

Maar die vasstelling dat die tragiese gevoelshoedanigheid sewe bepaalde faktore of elemente vereis, het ook nog 'n verdere implikasie. As daar gelet word op hierdie faktore - lyding, noodwendigheid, konflik, skuld, ondergang, grootsheid en misterie - en as die eie-aard van elkeen, soos vasgestel, daarby in aanmerking geneem word, dan is dit opvallend dat hulle almal ook te doen het met die wese van die menslike lewe.[3]

Die waarheid van hierdie stelling is feitlik 'n onmiddellike, intuïtiewe gegewe vir elke mens, maar dit spreek ook uit die kardinale plekke wat hierdie faktore inneem, nie alleen in ons menslike denke (die filosofie) nie, maar ook in ons godsdiens.

Dat lyding 'n uiters belangrike, ja 'n wesenlike rol speel in ons aardse lewe, kan geen filosofie wat die naam werd is, ontken nie.[4]

---

(1) So'n vorm of soort word werklik ook onderskei deur Dr. Haantjes,: „Afrikaans Proza," pg. 21 - maar aangesien hy dit volkome ongemotiveerd gelaat het, en omdat die genoemde besware dit alreeds onnodig maak, sal ek hierdie beskouing nie afsonderlik bespreek nie.

(2) Vgl. ook :
(a) Lipps, Th.: „Grundlegung der Ästhetik," pg. 571.
(b) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pp.267,275 en 277.
(c) Huxley, A.: „Tragedy and the whole Truth." pg. 10.

(3) Ek is nie voornemens om die hoedanighede nou weer volledig te bespreek nie. Die betrokke hoofstukke impliseer feitlik genoeg. Ek wil slegs nog enkele bevestigende verwysinge byvoeg.

(4) Vgl. Höffding, H.: „Humor als Lebensgefühl," pp.103-105.

Dr. N. Diederichs veral,(1) het die vervlegtheid van lewe en lyding op treffende wyse aangetoon. So innig vind hy die verwantskap dat lyding feitlik voorwaarde is vir ons kennis van die lewe : „Und hiermit sind wir zur ersten Stufe unserer Leidenserkenntnis angelangt, zu der Einsicht, dass der Weltprozess ein Prozess der Ernüchterung, Differenzierung, mithin Individualisierung ist, dass in diesem Prozess das Leid das wirksamste Mittel ist, um uns aus dem Traum unserer Verbundenheit mit der Welt zu wecken und uns zur Selbst und Fremderkenntnis zu verhelfen. ..... Das Leid ist daher die erste Form, in der das Leben sich als Leben dem Lebenden Offenbart. Es ist nicht nur älter als das Denken, sondern auch älter als das Gefühl, das Wollen und das Empfinden. Allein das Leben selber, als tätiger, schaffender, über sich selbst hinaus ins Endlose strebender Drang geht ihm vorauf."(2) ..........

Maar die verwantskap is nog nouer : lyding is selfs 'n handeling van die mens, en vorm 'n begeleidende faktor van alle lewensontwikkeling : „Haben wir nun eingesehen, ..... dass das Lebewesen zum grössten Teil selbst sein eigenes Leid bildet und zwar als eine Äusserung seines eigenen ganzen Geschehens..... so liegt der Gedanke, dass das Leid selbst eine Handlung des Organismus sei uns keineswegs mehr fern. ....... Das Leben muss auf seinem schöpferischen Gang fortwährend seine eigenen Begrenzungen zerstören, um zu neuen Gestaltungen zu gelangen, es muss die von ihm selbst gesetzten Schranken zerbrechen, um wieder auf einer anderen Ebene neue Ganzheiten zu finden. Hier kämpft das Leben gegen das von ihm selbst Geschaffene und das mit ihm innig Verbundene. Sein Kampf ist sein Weiter-

---

(1) Vgl. ook Schopenhauer,: Von der Nichtigkeit und dem Leiden des Lebens" („Sämmtliche Werke," Bd.II), pp.1374 - 1393.

(2) Diederichs, N.: „Vom Leiden und Dulden," pp. 58 - 59. Vgl. ook Max Scheler: „Alles Bewusstsein gründet in Leiden, und alle höheren Stufen des Bewusstseins in steigendem Leiden." („Die Stellung des Menschen im Kosmos," pg. 21).

(3) Diederichs, N.: „Vom Leiden und Dulden," pg. 83.

schreiten, aber auch sein Leid."[1]

So kan die menslike lewe dan inderdaad as 'n lydingsweg beskou word.[2] In die sweet van sy aangesig eet die mens sy brood totdat hy terugkeer tot die aarde, waaruit hy geneem is,[3] en die uitnemendste van al sy lewensjare is slegs moeite en verdriet.[4] Schopenhauer het hiervan 'n besonder pessimistiese beeld gegee : „Aus der Nacht der Bewusstlosigkeit zum Leben erwacht findet der Wille sich als Individuum, in einer end - und gränzenlose Welt, unter Zahllosen Individuen, alle strebend, leidend, irrend; und wie durch einen bangen Traum eilt er zurück zur alten Bewusstlosigkeit. - Bis dahin jedoch sind seine Wünsche gränzenlos, seine Ansprüche unerschöpflich, und jeder befriedigte Wunsch gebiert einen neuen. Keine auf der Welt mögliche Befriedigung könnte hinreichen, sein Verlangen zu stillen, seinem Begehren ein endliches Ziel zu setzen und den bodenlosen Abgrund seines Herzens auszufüllen. ....... Alles im Leben giebt kund, dass das irdische Glück bestimmt ist, vereitelt oder als eine Illusion erkannt zu werden. Hierzu liegen tief im Wesen der Dinge die Anlagen."[5] Sy slotsom is uiteindelik dat hierdie wêreld waarin ons woon die slegste van alle moontlike wêrelde is,[6] en dat die menslike lewe liewers nie moes bestaan het nie.[7]

Maar ten spyte van alle neerdrukkende elemente, en ten spyte selfs van die feit dat lyding so innig verwant en verbonde is aan die menslike lewe dat 'n verklaring van die een feitlik ook 'n verklaring is van die ander,[8] is die lewe tog nie so troosteloos en verwerplik as wat Schopenhauer dit voorstel nie.

---

(1) t.a.p. pg. 85.
(2) Vgl. ook :
 (a) Höffding, H.: „Humor als Lebensgefühl," pg. 99.
 (b) Jaspers, K.: „Psychologie der Weltanschauungen," pg.250.
 (c) Everett, W.G.: „Moral Values," pg. 428.
(3) Genesis 3 : 19.
(4) Psalm 90 : 10.
(5) Schopenhauer,: „Vor der Nichtigkeit und dem Leiden des Lebens." („Sämmtliche Werke," Bd. II, pg.1374.)
(6) t.a.p. pg. 1387.
(7) t.a.p. pg. 1379.
(8) Vgl. ook: Diederichs, N.: „Vom Leiden und Dulden," pg. 107.

Dr. Diederichs het tereg ook daarop gewys dat so'n pessimistiese opvatting slegs 'n deel van die wese en betekenis van lyding openbaar. Lyding het ook 'n meer positiewe betekenis - dit wys heen op die eenheid en veelheid, op die sinvolheid, orde en skoonheid van die lewe : „Der Schmerz ist eben kein sinnloses, blindes Geschehen. Er ist überaus sinnhaft, er weist über sich selbst hinaus, ....... Der Schmerz ist überhaupt ein Fingerzeig, er ist ein Fenster ins Absolute.(1) .......... Eine Ordnung also zeigt uns das Leid an, aber es tut auch noch mehr. Es zeigt uns auch, dass die Ordnung keine blosse Einheit, sondern eine Vieleinheit ist. ...... Der Schmerz öffnet uns die Augen für die wundervolle Mannigfaltigkeit, die sich um uns und in uns entfaltet, er lehrt uns die Einheit in dieser Mannigfaltigkeit sehen und erleben und macht uns so der Schönheit des Universums bewusst."(2)

Hierdie meer positiewe karakter van lyding kom ook duidelik tot uiting in ons Christelike godsdiensoortuiginge. In die Ou Testament is reeds ernstig geworstel met die probleem, maar dis eers die Nuwe Testament wat duidelik aantoon dat lyding ook as noodwendige deel van Gods verlossingsplan gesien moet word.(3) „Das Leiden ist hier," verklaar Dr. Diederichs op treffende wyse, „zu einer Stufe geworden auf dem Weg zur Erlösung. Es ist nicht mehr ein Hindernis, eine Fessel, ein Übel oder Feind, den es mit aller Macht zu bekämpfen gilt. Es ist gerade als höchste Offenbarungsform der Liebe Gottes, eine Hilfe geworden, ein Gut, ein Freund der uns auf dem Heilswege begleitet, uns reinigt vom Sündhaften und Gottwidrigen, uns läutert von allem Niedrigen und Unedlen in uns, uns ein Beweis ist für die Vaterliebe Gottes zu uns und unserer Einheit mit Christus."(4)

(1) Diederichs, N.: „Vom Leiden und Dulden," pg. 98.
(2) t.a.p. pg. 100.
(3) Vgl. ook bv. t.a.p. pg. 23.
(4) t.a.p. pg. 26.

Deur hierdie verklaringe is alle probleme in verband met lyding nog nie opgelos nie, maar dit bevestig die beskouing dat die menslike lewe nie so troosteloos en verwerplik is as wat bv. Schopenhauer dit voorgestel het nie. Die lydingsfaktor vertoon dus beide in die lewe en in die tragiese, 'n negatiewe sowel as 'n positiewe waarde - die neerdrukkende daarin mag oorweeg, maar die verheffende word tog ook op duidelike wyse voelbaar gemaak.

Dat noodwendigheid of kousaliteit ook 'n wesensfaktor van die menslike lewe is, is so opvallend dat dit byna geen bespreking nodig het nie. Behalwe die voorafgaande verduidelikinge[1] kan ek hier slegs byvoeg dat dit as 'n fundamentele oortuiging geld in byna alle menslike denke.[2] Alhoewel daar 'n groot verskeidenheid bestaan in die kousaliteits-ordes of-soorte, word die mens tog gedwing om te erken dat sy lewe in alle opsigte wetmatig verloop. Ek volstaan hier met 'n indringende samevatting van Prof. Stoker : „Die wetenskap trag deur die positiewe gegewens teoreties en prakties te verwerk die orde, die wetmatige samehang te verstaan, wat hulle beheers. Van belang is die insig, dat die orde nie gelykvormig of een-soortig is nie; want deur orals een soort orde te soek, word die resultate van die wetenskaplike arbeid vervals. Die feitewetenskappe dwaal insover hulle bv. orals slegs meganies-kousale samehang soek; daar bestaan ook holiese, of gestaltematige, en

(1) Vgl. asb. Hoofstuk IV.
(2) Ek gee slegs die volgende verwysinge :-
 a. Gerdener, G.B.A.: „Niks gebeur by toeval nie," „Die Huisgenoot," 21 Aug. 1942, pg. 11.
 b. Shestov, L.: „Tolstoi und Nietzsche," pg. 7.
 c. Geelkerken, J.G.: „Levensraadsel en Levenshouding," pp. 149 - 150.
 d. MacFadyen,: „The Problem of Pain," pg. 289.
 e. Ernst, Paul.: „Der Weg zur Form", pp. 324 - 325.
 f. Carriere, M.: „Aesthetik," (Erster Teil"), pg. 163.
 g. Moore Smith, G.C.: „Essays and Studies," pg. 9.
 h. Schopenhauer,: „Sämmtliche Werke." Bd.I pg. 167; Bd. IV. pg. 234.
 i. Bernhart, J.: „Tragik im Weltlauf," pp. 63 en 71.
 j. Polak, L.: „Causaliteit en Wilsvryheid," pp. 15 - 17.

ook organiese en doelbepaalde en ook menslik-vrye orde. Die rasionaliste fouteer insover hulle orals die orde van die samehang van algemene begrippe (universalia) veronderstel; want daar is ook ander ordes. Onderskei moet word die verskillende ordes wat feite, beginsels en waardes, resp. beheers. Die insig in die eieaard van die normatiewe orde is van belang. Die wette, wat die getalsmatige, die biotiese, die psigiese, die taalkundige, die ekonomiese, die juridiese en ander modaliteite beheers, verskil onderling. Die wette wat die individualiteitstrukture (stof, plant, dier, mens en die vorme van menslike samelewing) beheers, verskil onderling. Foutief is dit, soos die teenswoordige fisika skyn te wil doen, om 'n deel van die kosmos (hier die sub-atomiese verskynsels) as ordeloos en willekeurig te beskou. Besonder veel maak die natuurwetenskappe van reëlmatige en kontinue ordebepalinge, wat voorspelling moontlik maak; dit is egter foutief om net sulke wette te soek, want daar bestaan ook tipologiese, en ook individuele („einmalige' en „erstmalige') ordebepalinge, wat diskontinu is, en sig nie weer herhaal nie, en dus nie voorspelbaar is nie. Van besonder belang is die onderskeiding tussen die kosmieswetmatige en dus onselfgenoegsame orde en die bo-kosmiesbepaalde wonderorde, ...... Alle orde moet in sy verhouding tot God, die Wetgewer van die kosmos gesien word."(1)

Dat hierdie noodwendigheidsvorme maar alte dikwels in die lewe met mekaar bots, is 'n feit wat ook reeds in die nafewe ervaring gegee is. Sulke botsinge is vir Dr. Diederichs juis 'n bewys nie alleen van die veelheid in die kosmos nie, maar ook van die eenheid daarin : „Es muss etwas Gemeinsames der Verschiedenheit zu Grunde liegen. In der Vielheit muss eine Einheit bestehen, damit überhaupt

---

(1) Stoker, H.G.: „Beginsels van 'n Christelike Wetenskapsleer," pg. 304.

Wechselwirkung, Gegensätze, Spannungen entstehen. Was grundsätzlich verschieden ist, kann sich wechselseitig weder berühren noch beeinflussen."(1)

Die mens is ook na sy diepste eie-aard 'n dualistiese wese.(2) Hy is synsverwant aan die kosmos en geesverwant aan God - hy is van die aarde, maar ook van die hemel. Hy is tydelik en eindig, maar dra in hom ook die onsterflike, die ewige. Sy sonderlinge eie-aard is dus vanuit sigself reeds aangelê op tweespalt en botsing. As hierby nog in aanmerking geneem word die besondere onvermoë van die mens om alle dinge wesenlik te deurgrond, en sy innerlike lewensdrang wat hom sy lewe lank noop om te handel, ten spyte van sy gebrekkige wete, dan is dit geen wonder dat hy so dikwels, so noodgedwonge, in konflik en stryd moet beland nie.

Hierdie botsinge vind nie sonder oorsaak of willekeurig plaas nie. Ook hulle is onderhewig aan wetmatigheid, aan oorsaaklikheid. Deur te handel, word die mens aanspreeklik, word hy verantwoordelik - en sy verantwoordelikheid wat sy vryheid uitmaak, dompel hom maar al te maklik ook in skuld.(3) Die noodwendige verbinding van handeling met skuld het Dr. Karl Jaspers op baie indringende wyse nagespeur. Ek gee 'n samevatting in sy eie woorde : „Die Sphäre ethischer Bewertung ist sehr weit. Die ethische Bewertung bezieht sich auf Taten und ihre Folgen : Die überall unvermeidlichen Folgen, die nach ethischer Beurteilung - wie sie inhaltlich auch gerichtet sei - nicht gewollt werden dürfen, machen das Goethesche Wort wahr : Der Handelnde ist immer gewissenlos. Es ist der eigentliche Sinn der ,Verantwortung' beim Handeln, dass der Mensch die Schuld auf sich zu

---

(1) Diederichs, N.: „Vom Leiden und Dulden," pg. 97.
(2) (a) Synsverwant aan die kosmos : Vgl. bv. Genesis 3, 19.
(b) Geesverwant aan God: Vgl. bv. Psalm 8, 6; en veral Genesis 1, 26.
(3) Vgl. Bierens de Haan, J.D.: „Het Tragische," pg. 122. (Ek dink hier nie net aan een vorm van skuld nie - maar aan alle moontlike vorme daarvan.)

nehmen gewillt ist. Denn die einzige Möglichkeit, dieser Antinomie auszuweichen, das Nichthandeln, wird ethisch mit einem negativen Wertakzent versehen; in empirischer Durchführung muss das Nichthandeln als eine Verneinung des Willens zur Existenz zur schnellen Zerstörung des eigenen Daseins führen, und es muss ausserdem sofort durch ‚Unterlassen' zu grösster ‚Lieblosigkeit' kommen. So zwischen Handeln und Nichthandeln, und beim Handeln zwischen Gewolltem und unvermeidlich mit in Kauf zu Nehmenden hin und her geworfen, vermag der Mensch der Schuld in irgendeinen Sinne nicht zu entgehen."(1) Dis dus nie alleen handeling wat verbonde is aan skuld nie, maar ook nie-handeling.(2) En as dit die geval is, dan is die mens inderdaad 'n skulddraer(3) - hy is dit ook nie toevallig nie, maar noodwendig, kragtens sy diepste eie-aard.(4) Zinkernagel het dit mooi uitgedruk : „Als eine ewige Wahrheit gilt es dem Dichter, dass das Leben als Vereinzelung, die nicht Mass zu halten weiss, die Schuld nicht blos zufällig erzeugt, sondern sie nothwendig mit einschliesst und bedingt."(5)

Dat die mens(6) wesenlik 'n skulddraer is, dat hy van nature geneig is tot alle kwaad, is ook 'n sentrale gedagte in ons Christelike lewensopvattinge.(7)

---

(1) Jaspers, K.:„Psychologie der Weltauschauungen," pg. 274.
(2) Vgl. ook :
(a) Bierens de Haan, J.D.:„Het Tragische," pg. 110.
(b) Witkowski, G.:„Das Tragische als Grundgesetz des Lebens und der Kunst im Anschluss an Hebbels Denken und Dichtung." pp. 92 en 103.
(c) Cohn, J.:„Das Tragische und die Dialektik des Handelns." pg. 37.
(3) Vgl. ook : Bierens de Haan, J.D.:„Het Tragische," pg.122.
(4) Ek dink natuurlik hier aan die mens soos hy geword het na die sondeval.
(5) Zinkernagel, F.:„Die Grundlagen der Hebbelschen Tragödie pg. 58.
(6) Ek dink aan die mens van ná die sondeval, en aan sy aardse lewe.
(7) Vgl. bv.:(a) Psalm 51, 7.
(b) Van der Walt, S.J.:„Sonde," pg. 101.
(c) Heidelbergse Kategismus, vr. 5 en 8.
Ek bespreek nie alle skuldopvattinge nie, en bekommer my ook nie oor die verskillende betekenisse wat aan skuld geheg word nie. Uit wat reeds gegee is, is dit duidelik dat die skuldgedagte 'n sentrale plek inneem, nie alleen in al ons denke nie, maar ook in ons geloofsoortuiginge. Selfs die ewolusioniste weet hoe dikwels die sogenaamde gebrekkige of onvoltooide ontwikkeling op rekening van die mens geplaas moet word. Elke mens hoor die stem van sy gewete en weet hoe dikwels die stem hom veroordeel en bestraf.

Maar hier word ook gewys op 'n verheffende faktor in die skuldgedagte : die skuldvergiffenis.[1] Die neerdrukkende element is dus in hierdie opsig ook nie by magte om die mens tot fatalisme te dwing nie.

Dis vervolgens feitlik onnodig om daarop te wys dat alle mense onderhewig is aan die dood, maar net soos in verband met die tragiese, is selfs dit nog nie genoegsame rede om die lewe fatalisties te beskou nie. Dr. Diederichs het op indringende wyse aangetoon dat die dood nie net 'n immanente tendens in die lewe is nie, maar dat dit ook die sin van ons aardse bestaan ophelder : „Der Tod ist der spontane Selbstbegrenzungsakt des Lebens, eine Tendenz, die dem Leben von Anfang an innewohnt und sich immer mehr und mehr durchsetzt. Keineswegs ist das Sterben dem Leben etwas Fremdes und von aussen Angehängtes, sondern jedes Weiterschreiten des Lebens ist ein Weiterschreiten zum Tode hin. Von Anfang an birgt der Organismus in sich den keim seiner eigenen Vollendung ...... Der Tod geht durch das ganze Leben und kommt nicht erst an dessen Ende, .... In dem Tode gewinnt das Leben erst einen Sinn, denn erst hier tauchen die grossen Zusammenhänge auf, die ein Licht auf das irdische Dasein werfen und das Sein des Lebens uns erst verständlich machen.[2].......... Nicht nur Fortpflanzung und Vermehrung, sondern Anreicherung will das Leben. Der Tod hat nur Sinn, wenn er dieser Anreicherung dient. Diese Anreicherung aber ist wiederum nur verständlich, wenn wir eine All-Einheit des Lebens annehmen, .......... das die Erfahrungen der Lebewesen in sich sammelt und dadurch selber schöner und reicher wird, um sich dann wieder in höherer Form, in neuen Individuen zu manifestieren.[3].......... Das Sterben ist die Rückkehr des

---

(1) Vgl. bv. Handelinge 26, 18.
(2) Diederichs, N.: „Vom Leiden und Dulden," pg. 109.
(3) t.a.p. pg. 111.

All-lebens zu sich selbst, nachdem er in dem Einzelleben gesät und geerntet hat."(1)

Die verheffende element in die aardse ondergang van die mens word ook in ons Christelike geloofsoortuiginge gehandhaaf, maar dit word hier op ander gronde gebaseer. Hier is die dood die beëindiging van die aardse lewe en die ingang tot die ewige lewe(2) - die poort wat ons aardse vreemdelingskap afsluit en toegang verleen tot die ewige geluksaligheid.(3)

Maar in weerwil van sy gebondenheid en verganklikheid, beskou die mens homself tog ook as 'n grootse wese.(4) In elke derkrigting word die mens aan die spits gestel van alle kosmiese wesens.(5) Baie filosowe handhaaf selfs 'n wesensverskil tussen die mens en alle ander lewende kreature.

In 'n diepgaande beskouing oor die wese van die mens het Dr. Bierens de Haan juis hierdie gedagte uitgesonder vir spesiale beklemtoning : „Welke is de grondverhouding van het menschelijk bestaan? Herinner u een woord van Goethe : ,lebt nicht in uns des Gottes eigne Kraft, wie könnte uns Gottliches entzücken?' In den mensch leeft de eigene kracht der Godheid, doordat hij, zooals Spinoza uitdrukt, een modus, gestalte, der Goddelijke Substantie is. Wezensgrond in den mensch is de goddelijke idee. Wordt deze grondwaarheid onzer menschelijke existentie uit het oog verloren, dan is alle diepergaand begrip afgesloten."(6)

---

(1) t.a.p. pg. 112.
(2) Vgl. bv.: (a) II. Korinthiërs 5, 1.
(b) Romeine 6, 23.
(3) Of tot ewige verdoemenis - 'n baie duidelike bewys van die verreikende gevolg van skuld volgens die Christelike geloof. Vgl. bv. (a) Lukas 12, 5.
(b) Matthéüs 10, 28.

(4) Ek gee hier slegs enkele verwysinge. In die hoofstuk oor „Grootsheid" is reeds genoeg:
(a) Ziegler, L.: „Zur Metaphysik des Tragischen," pg. 34.
(b) Listowell, : „The Aesthetical Significance of the Tragic," pg. 24.
(5) Vgl. bv. Broom, Robert.: „The coming of Man," pp.220-227. Vgl.ook Scheler, M.: „Die Stellung des Menschen im Kosmos", - die hele werk maar, veral pg. 110.
(6) Bierens de Haan, J.D.: „Het Tragische," pg. 10.

Vir die Christen is die mens dan ook geesverwant aan God, geskape na Sy beeld - die kroon van die hele skepping.(1) In Psalm 8 sê Dawid : „U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon."(2)

Net soos in verband met die tragiese, moet die mens egter ook erken dat al dié dinge, ten spyte van die indringendste denke, tog versluier bly in 'n diepe geheimenis. Ons ken maar ten dele en ons verstaan maar ten dele.(3) Nie een van die genoemde wesensfaktore kan tenvolle deurgrond word nie. Dat ons dus die raaiselagtige, die ewig onverklaarbare, moet insluit as ons praat van die wesenlike in die mens, is 'n onomstootlike feit.(4) Selfs die wyse Salomo het dit aanvaar en duidelik uitgespreek in Prediker 3 : „Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die ewigheid in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind."(5)

Met die voorafgaande in gedagte dink 'n mens onwillekeurig aan Pope se treffende karakterisering van die mens :

„Placed on this isthmus of a middle state,
A being darkly wise and rudely great;
With too much knowledge for the sceptic side,
With too much weakness for the stoic's pride,
He hangs between, in doubt to act or rest,
In doubt to deem himself a god or beast,

---

(2) Psalm 8, 6.
(1) Vgl. bv. Genesis 1, 26.
(3) I. Korinthiërs 13, 9 en 12.
Vgl. ook : II Petrus 1, 19.
(4) Vgl. bv. ook :
(a) Diederichs, N.: „Vom Leiden und Dulden," pp.27 en 66.
(b) Schopenhauer,: „Sämmtliche Werke," Bd. 2, pg. 1381.
(c) Scheler, Max.: „Die Stellung des Menschen im Kosmos," pp. 13 - 14.
(d) Stoker, H.G.: „Die Wysbegeerte van die Skeppingsidee," pg. 24.
(e) Macneile Dixon, W.: „Tragedy," pg. 98.
(f) Broom, R.: „The Coming of Man," pp. 220 - 227.
Dr. Broom toon hier duidelik aan dat selfs die ewolusioniste eventueel in gissinge verval en tog maar moet erken dat hulle die lewensgeheimenis nie kan oplos nie.
(5) Prediker 3, 11.

In doubt his mind or body to prefer,
Born but to die, and reasoning but to err;
Alike in ignorance, his reason such,
Whether he thinks too little or too much;
Chaos of thought and passion all confused,
Still by himself abused and disabused;
Created half to rise and half to fall,
Great Lord of all things, yet a prey to all.
Sole judge of truth, in endless error hurled,
The glory, jest, and riddle of the world!"(1)

As dit dan waar is dat die wesenlike faktore van die tragiese dieselfde is as die wesenlike faktore in die menslike lewe, dan mag ek daaruit aflei dat die tragiese 'n begeleidende gevoelshoedanigheid is van die wesenlik-menslike. Maar omdat ek slegs handel oor die estetiestragiese, is dit nodig om daarop te wys dat hier alleen gedui word op die wesenlik-menslike soos dit tot uiting kom in 'n kunswerk.

Ek wil egter ook beweer dat die tragiese noodwendig 'n begeleidende gevoelshoedanigheid is van die wesenlik-menslike. Sodra 'n kunswerk die wesenlike in die menslike lewe tot openbaring laat kom, moet die tragiese gevoelshoedanigheid ook ontstaan - en die omgekeerde is ook waar: Die tragiese ontstaan slegs waar die wesenlik-menslike tot uiting kom.

Dit beteken egter nie dat die lewe van elke mens tragies sal wees nie,(2) want die wesenlik-menslike kom nie in alle mense tot uiting nie - ook nie die tragiese nie. Alle mense is nie groots nie, en in die lewe van gewone of kleinlike wesens kan die ander genoemde faktore ook nie openbaar word nie.

---

(1) Pope, A.: „The Poetical Works of Alexander Pope," (Edited .....by A.W. Ward. London 1879. „Essay on Man" pg. 201.)

(2) Ek dink steeds aan die lewe soos uitgebeeld in 'n kunswerk.

Selfs alle „groot..e" mense openbaar nie die tragiese of die wesenlik-menslike nie. Dit moet op die volgende manier verklaar word : Soos die wesensfaktore, veral konflik en noodwendigheid, aangetoon het, is die menslike lewe wesenlik dualisties, tweespaltig - enige uitbeelding moet dus voordat die wesenlike - menslike ervaar kan word, hierdie tweespaltigheid ten volle tot openbaring laat kom. Nie alleen die im...nte konflik en noodwendigheid nie, maar ook die transendente vorm daarvan, moet voelbaar gemaak word. Die lewe van die mens is van homself en uit homself, maar op baie indringende wyse word dit ook deur magte van buite beinvloed. Inderdaad gebeur dit met alle grootse mense, maar dit kom slegs ten volle tot uiting in die volledig verteenwoordigende gevalle - in die „representatieve" figure, soos Dr. Bierens de Haan hulle genoem het.(1) Die tragiese is onget...ld algemeen-menslik, maar net soos die wesenlik-menslike, kom dit nie in almal tot uiting nie : „Slechts in de grooten toont zich wat het leven is, en in sommigen dezer toont zich wat is de tragiek des levens."(2) Eers wanneer die grootse persoon ook die wesen..ik-menslike tot uiting laat kom, is dit moontlik om die tragiese te ervaar. As Dr. Bierens de Haan dan beweer dat die tragiese persoonlikheds slegs een sy van die lewe verteenwoordig,(3) wil ek met hom volkome saamstem, maar dis die wesenlike sy van die lewe.

Vervolgens beweer ek dat die tragiese gevoelshoedanigheid die enigste estetiese kategorie is wat noodwendig verbonde is aan die wesenlik-menslike. Dit sal ook blyk uit 'n vergelyking van die tragiese met die vernaamste ander estetiese grondgestaltes.

Soos ek aangetoon het in verband met tragiese grootsheid, ontstaan die droewige, die diepdroewige, die roerend-

(1) Vgl. Bierens de Haan, J.D.: „Het Tragische," pg. 99.
(2) t.a.p. pg. 100.
(3) Vgl. t.a.p. pg. 99.

droewige, die beklaenswaardige en die ontsettende, almal sonder menslike grootsheid - en aangesien dit een van die vereistes is vir die wesenlik-menslike, is dit onnodig om hierdie gevoelshoedanighede verder te bespreek.(1) Ook die patetiese kan hierby gereken word, want dit kom groteliks ooreen met die beklaenswaardige, sodat ook hier geen grootsheid vereis word nie. Wat oorbly is eintlik net die komiese, die humoristiese en die tragi-komiese.(2)

Van hierdie drie is dit ook maar hoofsaaklik die laaste twee wat in aanmerking kom vir ernstige oorweging, want die komiese is tog seker nie 'n noodwendige begeleidingsfaktor van die wesenlik-menslike nie. Dit ontbreek die nodige erns,(3) vereis nie grootsheid nie,(4) en is te oppervlakkig.(5)

Humor veronderstel al die faktore wat ek genoem het vir die tragiese - behalwe ondergang en skuld -, maar elke faktor sal hier ook anders gekwalifiseer moet word. En elke verandering sal ook beteken 'n verdere verwydering van die wesenlik-menslike af. Die lyding behoef hier nie ondergangdreigend te wees nie,(6) noodwendigheid en konflik

---

(1) Die fatalistiese het ek reeds herhaaldelik gediskwalifiseer.
(2) Ek neem slegs die belangrikste grondgestaltes.
(3) Vgl. bv.: Listowell,: „A critical history of modern Aesthetics," pg. 262.
(4) Vgl. o.a.:
 (a) Carriere, M.: „Aesthetik," („Erster Teil") pp. 181 en 183.
 (b) Lemcke, C.: „Populaere Aesthetik," pg. 586.
 (c) Murray, G.: „The Classical Tradition in Poetry," pp. 55 - 56.
 (d) Hegel,: „The Philosophy of Fine Art," Vol. IV. pg. 328.
 (e) Hale, E.E.: „Dramatists of Today," pg. 235 en 236.
(5) Vgl. o.a.:
(a) Jordan, E.: „The Aesthetic Object," pp. 254, 259, 260 en 262.
(b) Drew, E.: „The Enjoyment of Literature," pp. 187, 189 en 192.
(c) Hamilton, E.: „Tragedy," pg. 95.
(d) Lipps, Th.: „Grundlegung der Ästhetik," pg. 576.
(e) Schopenhauer,: „Sämmtliche Werke," Bd. 2 pg. 1212.
(6) Vgl. o.a.:
 (a) Jordan, E.: „The Aesthetic Object," pp. 260 en 262.
 (b) Dessoir, M.: „Ästhetik und allgemeine Kunstwissenschaft," pg. 169.

is nie onverbiddelik nie,[1] grootsheid word nie vereis nie - tenminste nie in dieselfde mate as vir die tragiese nie - en die lewensmisterie word ongetwyfeld nie op so'n indringende wyse voelbaar gemaak nie.

Max Dessoir het tereg verklaar : „Die künstlerisch aufgefassten Disharmonien des Menschendaseins wirken bei geringer Stärke humoristisch und erst bei energischer Steigerung tragisch. ......... Zwischen Humor und Tragik liegt sozusagen eine Schwelle. Nur indem die Reize eine gewisse Höhe überschreiten, erzielen sie mit Sicherheit eine tragische Wirkung."[2]

Ten opsigte van grootsheid het E. Ermatinger daarop gewys dat die humoris geen stryder is nie, maar 'n deemoedige en weke mens[3] - die naam van die held kan hy slegs in figuurlike sin dra.[4]

As ek vervolgens let op die hoedanighede of faktore wat onderskei word in humor, dan bevestig dit my bewering dat hierdie estetiese grondgestalte minder te doen het met die wesenlike in die mens as die tragiese. So verklaar Prof. Malherbe bv.:„Simpathie, weemoed en verlange, siedaar die vernaamste kenmerke van ons humor."[5] Moriz Carriere onderskei weer vrolike spot, eerbied en weemoed : „So entsteht die ganz eigene Erscheinung eines Gefühls in welchem fröhlicher Spott, Ehrfurcht und Wehmuth zusammenfliessen -. Das ist eben der Humor."[6]

Simpathie, weemoed, verlange, vrolike spot en eerbied

---

(1) Vgl. o.a. ook:
   (a) Carriere, M.:„ Aesthetik," („ Erster Teil")pp.204-205.
   (b) Höffding, H.:„Humor als Lebensgefühl," pp.118 en 119.
(2) Dessoir, M.:„Ästhetik und allgemeine Kunstwissenschaft," pg. 156 - 157.
(3) Vgl. Ermatinger, E.:„Das dichterische Kunstwerk," pp.244-245.
(4) Vgl. t.a.p. pg. 241.
(5) Malherbe, F.E.J.:„Humor", pg. 166.
(6) Carriere, M.:„ Aesthetik," („Erster Teil") pg. 211.
Ek volstaan met hierdie twee opgawes omdat albei genoemde denkers 'n baie indringende studie van humor gemaak het. Hulle menings kan geld as gesaghebbend.

het bepaald minder met die wesenlike in ons lewe te maak, as die genoemde faktore van die tragiese[1] - maar wat meer is : die tragiese kan al hierdie hoedanighede insluit (in 'n bepaalde mate) sonder om sy eie-aard prys te gee.[2]

Ek mag dus verklaar dat humor 'n oppervlakkiger en minder ware lewensbeeld gee as die tragiese. Max Dessoir het selfs beweer dat humor eintlik tuishoort in 'n sprokiesland : „Im Märchenland wohnt der Humor am liebsten; wird er in Länder geringerer Freiheit verwiesen, so lugt er immer noch nach jenem Reiche aus".[3]........

Op grond van die voorafgaande moet ek Prof. F.E.J. Malherbe dan bestry as hy verklaar dat die tragiese begrens word deur humor. Hy beweer : „Na my voorafgaande beskouinge en voorbeelde moet ek egter besluit dat daar iets groters is as die ondergang van die indiwidu : die grote idee waarvan hy die draer is; iets magtigers as die vernietiging van ons heroieke strewe : die geloof aan die ‚kosmiese harmonie,' wat nie deur tragiese lye en ondergang hoef ineen te stort nie; iets hoërs as die lewenstragedie wat aan die anderkant van die grote humor lê : ... nog groter humor, wat aan die anderkant van die ...enstragedie lê. Die hoogste humor kan so die hele le... en die tweespalt van tragiek in humoristiese beligting ...ing; maar hy alleen sal daartoe in staat wees wat self die diepste tragiek ook ken. Die sielsworsteling is dan verbygegaan en oor mensheid, lot en wêreld gaan die glimlag ná die tragiek. So word humor begrens deur tragiek, wat op sy beurt weer begrens word deur humor. So smelt een gesigseinder met 'n verdere verskiet saam, namate ons hoër

(1) Ek neem aan dat hierdie feit duidelik genoeg is uit die voorafgaande besprekinge.
(2) Vgl. (a) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pp.267, 275 en 277.
(b) Huxley, A.: „Tragedy and the whole truth," pg.10.
(3) Dessoir, M.: „Ästhetik und allgemeine Kunstwissenschaft," pg. 169.

styg bo die omringende land."(1)

Hiermee impliseer Prof. Malherbe eerstens en ten onregte, dat die tragiese fatalisties van aard is. As die idee saam met die held sou ondergaan, en as die geloof aan 'n kosmiese harmonie, of liewer die heenwysing daarna ook moes verdwyn, sou daar wel plek wees vir fatalisme, maar nie vir die tragiese gevoelshoedanigheid nie. Die tragiese wys juis heen op 'n heilstoestand, dit impliseer juis die oorwinning van die idee, maar die held moet ondergaan daarvoor.

Vervolgens moet ek daarop wys dat die tragiese geen berusting of bevryding toelaat nie - nie vir die held nie en ook nie vir diegene wat onder die invloed daarvan is nie. Dit is dus onjuis om te beweer dat 'n persoon wat die diepste tragiek ken, in staat sal wees om die tragiese tweespalt van die hele lewe onder humoristiese beligting te sien. Geen mens, hoe groots hy ook al is, kan beweer dat hy die diepste tragiek geken het, en in daardie ervaring deurgaans nog 'n glimlag behou het nie. Dit geld, soos ek gesê het, nie alleen vir die held nie, maar ook vir die toeskouer of hoorder, wat instaat is om die tragiese gevoelshoedanigheid ten volle te belewe. Diegene wat kan lag wanneer die tragiese op dwingende wyse voelbaar gemaak word, besef nie waaroor dit gaan nie. Wanneer die tragiese ten volle belewe word, verstom die lag - selfs die glimlag van 'n held, want ook hy is nog mens, en juis sy grootsheid sal hom verhinder om te glimlag oor die tragiese ondergang van 'n medemens - nog minder sal hy lag as dit hyself is wat die dood in die aangesig moet staar. Harald Höffding het dit ingesien toe hy verklaar het : „Der tragische Held kann Grösse beim Untergange selbst zeigen, aber der Schmerz und der Kummer schliessen die Möglichkeit des Lächelns aus.....

(1) Malherbe, F.E.J.: „Humor," pg. 152.

Nur der tragische Held, nicht der Humorist als solcher, behauptet bei einer solchen Katastrophe den Adel der Menschheit."[1]

Om uit te styg bo die omringende land, soos Prof. Malherbe dit gestel het, totdat ons die hele lewe onder humoristiese beligting kan sien, veronderstel myns insiens meer as menslike grootsheid. Behalwe as dit gaan oor die metafisies - tragiese, waar 'n filosoof peinsend nadink oor die lewe en as't ware objektief en in onontroerde toestand, glimlag oor ons aardse bestaan - maar die estetiese-tragiese gevoelshoedanigheid gryp iedereen aan, en in die hewige ontroering waarin dit 'n mens dwing, is geen plek vir 'n voortdurende humoristiese belewing nie.

Dit beteken nie dat daar geen humoristiese of komiese element in 'n tragiese proses mag voorkom nie. Waar soiets wel voorkom, ontstaan egter geen nuwe of groter humor, wat die tragiese oorwin of begrens nie, maar slegs 'n suiwerder of dieper tragiek. 'n Glimlag mag ontstaan, maar slegs vir 'n oomblik - sodat daar geen sprake kan wees van 'n tragiese gevoelshoedanigheid onder humoristiese beligting nie.

Waar 'n uitbeelding só is dat die tragiese sou ontstaan het, as die komiese net swakker ingewerk het, moet 'n mens 'n andersoortige gevoelshoedanigheid onderskei : die tragi-komiese.[2] En aangesien hierdie gevoelshoedanigheid beïnvloed is deur die komiese,[3] wat as 'n oppervlakkige estetiese grondgestalte beskou word, is dit duidelik dat die wesenlik-menslike nie hierin tot openbaring kan kom nie.[4]

---

(1) Höffding, H.: „Humor als Lebensgefühl," pp. 118 - 119.
(2) Vgl. o.a.:
(a) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pp.408-428.
(b) Lemcke, C.: „Populaere Aesthetik," pg. 120.
(3) Vgl. bv. (a) Malherbe, F.E.J.: „Humor," pg. 78 - 79.
(b) Haantjes, J.: „Afrikaans Proza," pg. 20.
(4) In soverre as wat humor ook beskou word as 'n vermenging van tragiese en komiese gevoelshoedanighede, kan dieselfde argument gebruik word. Enige gevoelswyse moet vervlak as dit op deurslaggewende wyse beinvloed word deur 'n oppervlakkiger element. Vgl. verwysinge by (3).

Die tragiese is dus die enigste noodwendige begeleidingsfaktor of gevoelshoedanigheid van die wesenlikmenslike. *Is iemand werklik mens as hy geen sin vir humor besit nie?*

Hierdie beskouing word tenslotte verder bevestig deur die besonder bindende of dwingende invloed wat die tragiese uitoefen. Dis 'n onontkenbare feit dat 'n groot tragiese kunswerk, tenspyte van die konflik, die lyding en ondergang wat dit bevat, tog uiters boeiend en interessant is. Vir die verklaring van hierdie skynbare teenstrydigheid is daar sedert die vroegste eeue al verskillende uiteenlopende oplossinge aangebied.

Die vroegste poging moet gesien word in die vermaarde en veelbespreekte katharsisleer van Aristoteles. In sy bekende definisie van die tragedie maak hy melding van twee aandoeninge, vrees en medelye, waardeur 'n sekere „purgation" moet ontstaan.[1] Presies hoe die „purgation" ontstaan en wat daaraan onderhewig is, is 'n saak wat vandag nog nie finaal uitgemaak is nie.[2] Dis egter 'n algemene opvatting dat Aristoteles hiermee ook gedui het op die besondere genoeë wat 'n tragiese kunswerk oplewer.[3]

Maar in ooreenstemming met my vorige vasstellinge oor die eie-aard van die tragiese, is dit vir my onmoontlik om die besondere invloed, die dwingende en bindende houvas wat 'n tragiese kunswerk op 'n mens verkry, slegs uit twee aandoeninge te verklaar. In die tragiese is daar baie meer konstituerende gevoelens. Prof. Volkelt het in 'n omvattende hoofstuk oor die „Pschologie des Tragischen,"[4] 'n

(1) Vgl. Butcher, S.H.: „The Poetics of Aristotle," pg. 23.
(2) Vgl. (a) Von Wilamowitz-Moellendorff, U.: „Griechische Tragödien," pp. 61 - 66.
(b) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pg. 265.
(c) Lee, H.N.: „Perception and Aesthetic Value," pg. 174.
(3) Ek gee slegs enkele van die talryke moontlike verwysinge:-
(a) Murray, G.: „The Classical Tradition in Poetry," pp. 59-60.
(b) Farnham, W.: „The Medieval Heritage of Elizabethan Tragedy," pg. 39.
(c) Hamilton, E.: „Tragedy," pp. 83 - 91.
(d) Dessoir, M.: „Ästhetik und allgemeine Kunstwissenschaft," pg. 152.
(e) Drew, E.: „The Enjoyment of Literature," pp. 193-196.
(f) Bierens de Haan, J.D.: „In Gewesten van Kunst en Schoonheid," pp. 120 - 121.
(4) Vgl. Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pp. 249-274.

hele aantal van hierdie gevoelens onderskei, en toe heeltemal tereg tot die slotsom gekom dat vrees en medelye alleen, geheel en al ontoereikend is. „Jetzt leuchtet ein," het hy eindelik verklaar, „das die Aristotelische Lehre von Mitleid und Furcht als den beiden tragischen Gefühlen bei weitem nicht ausreicht. Auch wenn wir von den gegenständlichen tragischen Gefühlen ganz absehen, so fehlt bei Aristoteles ungeheuer viel. Vor allem kommt die ganze Masse der zuständlich-persönlichen Gefühle bei ihm nicht vor. Die ganze Stufenleiter der niederdrückenden und erhebenden Gefühle bleibt unbeachtet. Aber auch die teilnehmenden Gefühle sind nur sehr unvollständig berücksichtigt. Weder das tapfere Mit-Leiden, noch das Mitleidsgrausen lassen sich einfach unter den Begriff des Mitleids bringen. Ebensowenig aber lassen sich die Gefühle des sittlichen Abscheus, ohne künstlich zu werden, einfach als Furcht hinstellen; geschweige dass Aristoteles die Furcht in einem Sinne fasste, der dies rechtfertigen könnte. Ferner fehlt bei Aristoteles jedwede Berücksichtigung der Gefühle der Anerkennung, der Bewunderung, des Zutrauens. Und endlich sind die tragischen Weltgefühle in keiner Weise erwähnt. Kurz nur als ein allererster Anfang der Analyse der tragischen Gefühle kann die Theorie des Aristoteles angesehen werden." (1)

---

(1) Volkelt, J.:„Ästhetik des Tragischen," pg. 265.
(Prof. Volkelt het m.i. in die genoemde hoofstuk, deur die opeenstapeling van konstituerende gevoelens 'n uiters vrugtelose poging aangewend om die eie-aard van die tragiese nader vas te stel. Hy onderskei minstens twintig verskillende soorte gevoelens en verklaar dat dit alles tesame die tragiese uitmaak. M.i. is so'n psigologistiese metode heeltemal onvanpas om die tragiese te leer ken. Dis tog ondenkbaar dat 'n mens die tragiese aan die een kant as 'n enkele eiesoortige gevoel, en aan die ander kant as 'n veelheid van gevoelens kan belewe. Daarby het Prof. Volkelt nog heeltemal te min gevoelens onderskei, as hy alle gevoelens wat 'n tragiese proses laat ontstaan, wou insluit.)

Vir my is dit net so onmoontlik om al hierdie gevoelshoedanighede te reduseer tot vrees en medelye, en sodoende al ons belangstelling en aangetrokkenheid tot 'n tragiese kunswerk daaruit alleen te verklaar.(1) Die tragiese gevoelshoedanigheid is veel indringender, veel meer omvattend.

In sy bespreking van die verklaring van Segni, dat 'n mens 'n tragiese kunswerk waardeer, hoofsaaklik omdat dit aangenaam is om te hoor of te sien hoe 'n medemens ly, wys A. Nicoll daarop dat ons in die wêreld van die kuns miskien nog inherente barbaarse karaktrekke kan openbaar : „Perhaps in the world of the theatre, where we know that the figures are unreal, we retain enough of the spirit of the boy who loves to see a butterfly feebly struggling on a pin, or of the savage who has not an atom of pity for his conquered enemy, to gain a secret and an unacknowledged pleasure from what are truly our most primitive emotions."(2)

Om egter alle tragiese „Vergnügen"(3) hieruit te verklaar, veronderstel myns insiens noodwendig 'n eensydig, fatalistiese opvatting van die tragiese, sowel as 'n verdraaiing van die wesenlike in die mens. Ek kan geen werklik verheffende element ontdek in so'n onbeskaafde behae in lyding en ellende nie - en alhoewel dit ongetwyfeld waar is dat die mens ook onedele karaktrekke besit, is hy tog nie so barbaars nie.(4) Behalwe hierdie besware moet ek ook verwys na ons daaglikse ervaring. Die lyding en ellende wat ons in die werklike lewe so dikwels aanskou, het tog nie 'n gelyksoortige invloed op ons as 'n tragiese kunswerk nie. „A robust malevolence," verklaar Macneile Dixon, „should be made of sterner

---

(1) Vgl. ook :
(a) Farnham, W.: „The Medieval Heritage of Elizabethan Tragedy," pg. 39.
(b) Drew, E.: „The Enjoyment of Literature," pg. 193.
(c) Dessoir, M.: „Ästhetik und allgemeine Kunstwissenschaft," pg. 152.

(2) Nicoll, A.: „The Theory of Drama," pg. 136.
(3) Ek neem die term oor van Schiller: Vgl. „Werke," Bd. VI. pg. 21.
(4) Vgl. asb. uiteensetting oor die wesenlik-menslike hoedanighede. Ek beskou dit as onnodig om weer hier in besonderhede te tree daaroor.

stuff, and would find, one fancies, but a shadowy joy, a meagre diet in the pangs of Prometheus or of Faustus, the agonies of Ajax or of Lear. This maglignity is clearly out of health."(1)

Die beskouing dat 'n mens dit geniet om self g[illegible]ynig te word, is in hierdie verband net so ontoereikend. Die veronderstelling sou dan wees dat ons van die tragiese sal hou, al bevat dit ook die onaangename, net soos die tong partymaal 'n behae kan hê in 'n bitter smaak. „Tragedy is then a luxury of sorrow."(2) Dixon het hierdie opvatting raak saamgevat in : „We then seek suffering in order to be happy, pursue enjoyment by way of distress."(3)

Dis moontlik dat sommige mense op so'n ongewone wyse bevrediging en genoeë kan vind, maar die algemene byval van die tragiese kan net so min hieruit verklaar word as uit die vorige beskouinge. Dis tog 'n gewone ervaringsfeit dat die meeste mense geen behae het in lyding en pyn nie. „Not so lightly", merk Dixon tereg op, „ is the magic formula for the conversion of gall into honey discoverable, nor is this circuitous route to Elysium chosen by the ordinary traveller. No one runs after misery in order that he may compassionate him self, as a man climbs a mountain, willingly enduring the fatigue for the prospect."(4)

Dat ons 'n bepaalde behae daarin het om ons te vereenselwig met die grootsheid van die held,(5) is seker ook waar, maar deurdat dit slegs rekening hou met e͟e͟n faktor in die tragiese —

(1) Dixon, W.:Macneile:„Tragedy," pg. 17.
Vgl. ook:
(a) Moore Smith, G.C.:„Essays and Studies," pp.35 en 36.
(b) Murray, G.:„ The Classical Tradition in Poetry,"pp.59-63.
(2) Vgl. Lucas, F.L.:„Tragedy, pg. 38.
Vgl. ook:(a) Nicoll,A.:„The Theory of Drama," pg. 136.
(b) Dixon, W.Macneile.:„Tragedy," pg. 20.
(3) Dixon, W.M.:„Tragedy," pg. 21.
(4) t.a.p. pg. 22.
(5) Vgl. bv.:
(a) Listowell,:„A critical history of modern Aesthetics," pp. 258-9
(b) Moore Smith, G.C.:„Essays and Studies," pp. 35 - 36.
(c) Gillet, J.E.:„The catharsis-clause in German criticism before Lessing," pg. 96.
(d) Bierens de Haan, J.D.:„In Gewesten van Kunst en Schoonheid," pg. 120 - 121.

gevoelshoedanigheid is hierdie verklaring ook heeltemal te oppervlakkig.

Net so onbevredigend is die opvatting dat die tragiese kunswerk, deur die lyding en ellende wat dit bevat, ons laat besef dat ons daarvan vry is. Die bevrediging wat hierin vervat is, sou verkry kon word uit die aanskouing van enige pyn - sodat dit nie spesiaal as 'n verklaring vir die tragiese genoeë aangebied kan word nie. Dit het die persone wat hieroor gehandel het egter ook ingesien.(1)

H.N. Lee het in 'n uitvoerige bespreking oor die sogenaamde „difficult beauty", tot die slotsom gekom dat die tragiese kunswerk geen ander genoeë aanbied as die gewoon estetiese nie. Daar is dus volgens hom, geen addisionele verklaring vir die esteties-tragiese genoeë nodig nie. „In other words," verklaar hy samevattend, „an especial ‚theory of tragedy' is unnecessary in aesthetics."(2)

Hierdie opvatting is ongetwyfeld juis. Die tragiese kunswerk is immers kunswerk, en in soverre as wat estetiese hoedanighede by magte is om lusgevoelens op te wek, sal die tragiese kunswerk dit dus ook doen.(3) Maar vir my lê die bekoring, die behae of „ Vergnügen" - hoe 'n mens dit ook al wil noem - van die tragiese kunswerk, nie net in die estetiese gehalte daarvan nie.(4) Dit blyk reeds uit die verklaringe of beskouinge wat ek al bespreek het. Genoeë in medelye en vrees, in die aanskouing of ondergaan van lyding, in die vereenselwiging met die held ens., mag nie sonder meer as suiwer

---

(1) Vgl. bv.
(a) Carriere, M.: „Aesthetik," („ Erster Theil,")pg.157-158.
(b) Matthaei, L.E.: „ Studies in Greek Tragedy," pg. 73.

(2) Lee, H.N.: „ Perception and Aesthetic Value," pg. 181.

(3) Die faktore wat blote estetiese genoeë verskaf, bespreek ek nie in besonderhede nie. Dit sou faktore wees wat ewe-goed kan voorkom by enige estetiese kategorie. Vgl. ook : Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pg. 269.

(4) Vgl. o.a. ook:
(a) Volkelt, J.: „Ästhetik des Tragischen," pp.267-274.
(b) Ziegler, L.: „Zur Metaphysik des Tragischen," pg. 54.
(c) Murray, G.: „The Classical Tradition inPoetry," pg. 63.
(d) Hamilton, E.: „Tragedy," pg. 83 - 91.

estetiese genoeëns beskou word nie. Dit is tog klaarblyklik - of anders moet die verband tussen die skone en die estetiese op uiters ongeregverdigde wyse ontken word.

Hierdie opvatting word myns insiens verder gesteun deur die beskouing van Th. Lipps, maar veral deur die van Schiller.

Lipps het sy teorie geformuleer onder die opskrif van „Luststeigerung durch Negation."(1) Hierin beweer hy dat 'n mens iets eers werklik waardeer wanneer jy dit verloor het. Die verlies van 'n saak laat smartgevoelens ontstaan, maar ook lusgevoelens. En na die mate wat 'n saak meer verhewe of waardevol is, sal 'n gebrek daarin of 'n inbreuk daarop, ook sterker onlusgevoelens by ons opwek. Maar ook die indruk van die positiewe krag van die saak sal deur die „negasie" (gebrek of inbreuk) 'n versterking verkry. Dus is dit nie alleen die waarde van die verlore saak wat groter word nie, maar ook die waarde van 'n verhewe saak of objek wat slegs beskadig of benadeel is. So kan die lyding dan as inbreuk, beskadiging of benadeling - „Negation" - vir ons die waarde van die lydende verhoog. Hierdie verhoogde waardeskatting „Wertschätzung", sê Lipps, moet ons medelye noem. Medelye is dus nie alleen „ mee-ly" of „ saam-ly" nie , maar dit is tegelyk ook verhoogde waardeskatting.

Die verhoging of versterking van hierdie waardegevoel deur die lyding gebeur dan volgens 'n algemene wet : „das Gesetz der psychischen Stauung."(2) Word 'n psigiese gebeure of voorstellingsamehang in sy natuurlike afloop gehinder, gesteur of onderbreek, dan dam (of stol) die beweging op, dit bly staan en word verhoog, (geïntensifeer), op daardie

(1) Lipps, Th.: „Grundlegung der Ästhetik," pp. 559 - 565.
(2) t.a.p. pg. 560.

plek waar die hindernis ingetree het. Die objek of saak kry nie so 'n nuwe waarde nie, maar die oorspronklike waarde word verhoog. Die verhoogde waardegevoel wat dan deur die lyding ontstaan en die lyding self, wat onlusvol is, konstitueer tesame die medelye.

Die tragiese genoeë ontstaan dus eers wanneer die toeskouer of hoorder die menslike waarde van die held aanvoel. Volgens Lipps kan dit slegs gebeur deurdat 'n mens uit trekke van jou eie wese die beeld van die vreemde persoonlikheid voortbring. Die vreemde („ander") persoonlikheid of „Ek" is dus 'n gemodifieerde en geobjektiveerde eie Ek. Maar by alle modifikasie bly dit tog in sy grondtrekke - Ek. Derhalwe is die waardering van 'n vreemde of ander mens niks anders as geobjektiveerde selfwaardering nie. Die gevoel van die waarde van die „ander" persoonlikheid is geobjektiveerde selfwaarde - of eie-waarde-gevoel. En dit is hierdie gevoel van eie-waarde wat deur die aanskouing van lyding verhoog word. Ek voel myself, my eie menslike waarde, in verhoogde mate in die ander persoon. Ek voel of beleef so in hoëre mate wat dit beteken om mens te wees, en vind daarin genoeë.

In hierdie verklaring, wat Lipps as die enigste beskou,(1) word medelye of verhoogde waardebesef dus baie nou verbind aan grootsheid of die genoeë in grootsheid - maar, net soos in die geval van Aristoteles, moet ek ook hier daarop wys dat die tragiese kunswerk veel meer aanraak as net ons medelye. Lipps het ongetwyfeld 'n gedeelte van die tragiese genoeë verklaar, maar seker nie alles nie.(1)

Dieselfde geld die sedelike doelmatigheidsteorie van Schiller.(2) „Die allgemeine Quelle jedes, auch des sinnlichen

(1) Vgl. verder my eie gevolgtrekking pp.206-7.
(2) Vgl. Schiller, „Werke", Bd. VI. („Über den Grund des Vergnügens an tragischen Gegenständen," pp.21 - 35.)

Vergnügens ist Zweckmässigkeit", het hy verklaar. Die voorstelling van doelmatigheid kan op verskillende maniere voorkom.[1] Partykeer kan dit selfs die indruk maak van ondoelmatigheid : „So scheint es eine Zweckwidrigkeit in der Natur zu sein, dass der Mensch leidet, der doch nicht zum Leiden bestimmt ist, und diese Zweckwidrigkeit tut uns wehe. Aber diese Wehetun der Zweckwidrigkeit ist zweckmässig für unsere vernünftige Natur überhaupt und insofern es uns zur Tätigkeit auffordert, zweckmässig für die menschliche Gesellschaft. Wir müssen also über die Unlust selbst, welche das Zweckwidrige in uns erregt, notwendig Lust empfinden, weil jene Unlust zweckmässig ist."[2]

Veral die voorstelling van sedelike doelmatigheid, beweer hy, is in staat om ons die tragiese te laat waardeer: „Keine Zweckmässigkeit geht uns so nah an als die moralische, und nichts geht über die Lust, die wir über diese empfinden."[3] In hierdie verband moet ek egter daarop wys dat Schiller selfs die verbreking van die sedewet insluit in sy konsepsie van sedelike doelmatigheid : „Nicht allein der Gehorsam gegen das Sittengesetz gibt uns die Vorstellung moralischer Zweckmässigkeit, auch der Schmerz über Verletzung desselben tut es."[4]

So kom hy dan eindelik tot die gevolgtrekking dat die tragiese kunstenaar ons sal kan verheug in soverre as wat hy die gevoel van sedelike doelmatigheid duidelik tot openbaring bring : „Insoferne sich der tragische Dichter zum Ziel setzt, das Gefühl der moralischen zweckmässigkeit zu einem lebendigen Bewusstsein zu bringen, insofern er also die Mittel zu diesem Zwecke verständig wählt und anwendet,

(1) Vgl. t.a.p. pg. 25.
(2) t.a.p. pg. 26.
(3) t.a.p. pg. 27.
(4) t.a.p. pg. 29.

muss er den Kenner jederzeit auf eine gedoppelte Art, durch die moralische und durch die Naturzweckmässigkeit, ergötzen. Durch jene wird er das Herz, durch diese den Verstand befriedigen."(1)

Sedelike doelmatigheid is ongetwyfeld een van die faktore wat bydra tot die besondere welgevalle wat ons aan die groot tragiese kunswerke het - maar dis slegs een fase van die groter sinvolheid waarop die tragiese dui. Die kosmiese en bo-kosmiese sinvolheid waarna die tragiese heenwys, sluit veel meer in as net sedelike doelmatigheid - sodat ook Schiller se verklaring as ontoereikend beskou moet word.

Om die boeiende en bindende behae in tragiese kuns volkome te begryp, word 'n mens myns insiens genoodsaak om nie alleen al die genoemde verklaringe in te sluit nie, maar om veral te let op die noue verwantskap van die tragiese met die wesenlik-menslike. Die buite-estetiese genot wat die tragiese aanbied, moet in alle geval hierin gesien word. Waar die wesenlik-menslike tot openbaring kom, waar die waarheid en werklikheid op wesenlike en gekonsentreerde wyse tot ons spreek, waar dit die kern van ons bestaan geld - daar word nie net ons belangstelling vereis nie, nie net ons estetiese behoeftes bevredig nie, nie alleen lusgevoelens opgewek nie, maar ons hele wese word daar op die mees omvattende en indringende wyse in beslag geneem.

So'n hartgrondige ontroering, waarin ons hele wese betrek word, kan op baie duideliker en treffender wyse die menslike grootsheid en betekenisvolheid, sowel as die algemene, immanente en transendente sinvolheid van die lewe, tot uiting laat kom. 'n Enkele menslike hoedanigheid of vermoë soos medelye, vrees, wreedheid ens., of 'n enkele kosmiese gesteldheid soos sedelike doelmatigheid bv., kan nooit so'n

(1) t.a.p. pg. 34.

volkome ontroering veroorsaak nie.

En deurdat die mens op so'n indringende wyse die grootsheid en betekenisvolheid van sy eie bestaan, sowel as die sinvolheid buite hom, besef, verkry die tragiese 'n besondere bindende invloed, gee dit 'n verhewe genoeë - 'n genoeë wat alleen ten volle verstaan kan word, as ons die tragiese sien as die enigste, noodwendige begeleidingsfaktor van die wesenlik-menslike.

---oOo---

# BIBLIOGRAFIE:

## A.: BOEKE.


1. Aalders, W.J.: Prof. Dr.

„Causaliteit en Wilvryheid."

(„Causaliteit en Wilsvryheid;" „Eerste Interfacultaire Leergang.")

( Door de hoogleeraren W.J. Aalders, H.J.F.W. Brugmans, F.J.J. Buytendyk, I.H. Gosses, H. van Goudoever, G. van der Leeuw, L. Polak, E.D. Wiersma en F. Zernike.)

Groningen - Batavia. 1936.

2. Alexander, Hartley, Burr.:

„Nature and human Nature."

(„Essays Metaphysical and Historical.")

Chicago London. 1923.

3. Bailey, J.:

„Ancient tragedy and modern imitations."

( „Poets and Poetry.")

Oxford. 1911.

4. Bailey, J.:

„Shakespeare's Tragedies."

(„Poets and Poetry.")

Oxford. 1911.

5. Bailey, J.:

„Tragic Drama and especially Alfieri."

(„Poets and Poetry.")

Oxford. 1911.

6. Bavinck, Dr. H.:

„Christelijke Wetenschap."

Kampen. 1904.

7. Beaumont, Albert.:

„The Hero."

London. 1925.

8. Bernhart, Joseph : Dr.

„Tragik im Weltlauf."

München. 1917.

9. Bierens de Haan, Dr. J.D.:

„De stryd tussen Idealisme en Naturalisme in de 19e eeuw."

Haarlem. 1929.

10. Bierens de Haan, Dr. J.D.:

„Het Tragische."

Leiden. 1933.

11. Bierens de Haan, Dr. J.D.:

„ In Gewesten van Kunst en Schoonheid."

Arnhem. 1937.

12. Bode, Wilhelm, Dr.:

„Goethes Gedanken."

(Aus seinen mündlichen Äusserungen in sachlicher Ordnung und mit Erläuterungen zusammengestellt.) In zwei Bänden.

Berlin. 1907.

13. Bosman, F.C.L.:

„Die Afrikaanse Drama."

1937.

Oordruk uit Tydskrif vir Wetenskap en Kuns.

Okt. 1937 en Jan. 1938.

14. Bosman, Dr. F.C.L.:

„Drama en Toneel in Suid-Afrika."

Deel I. 1652 - 1855.

Pretoria en Kaapstad. 1928.

15. Bowra, C.M.:

„Ancient Greek Literature."

London. 1933.

16. Bradley, A.C.:

„Oxford Lectures on Poetry."

London. 1926.

17. Bradley, A.C.:

„Shakespearean Tragedy."

(Lectures on Hamlet, Othello, King Lear, Macbeth.)

London. 1932.

18. Brillenburg Wurth, Dr. G.:

„De Christelijke Vryheid."

Kampen. 1934.

19. Broom, Robert.:

„The Coming of Man."

(Was it accident or design?)

Edinburgh. 1933.

20. Brugmans, H.J.F.W.: Prof. Dr.

„Het willen en andere functies van Ziel en geest."

Vervat in „Causaliteit en Wilsvryheid;" (Eerste Interfacultaire Leergang.)

Groningen - Batavia. 1936.

21. Butcher, S.H.:

„ The Poetics of Aristotle."

London. 1911.

22. Buijtendijk, F.J.J.: Prof. Dr.

„Het leven, en het streven als een zijner functies."

Vervat in „Causaliteit en Wilsvryheid;" (Eerste Interfacultaire Leergang.)

Groningen - Batavia. 1936.

23. Carriere, Moriz.:

„Aesthetik."

(Die Idee des Schönen und ihre Verwirklichung durch Natur, Geist und Kunst.)

(Erster und zweiter Teil.)

Leipzig. 1859.

24. Casimir, R.:

„Beknopte Geschiedenis der Wysbegeerte."

1932.

25. Clark, Barrett. H.:

„A Study of the Modern Drama."

New York. 1928.

26. Coetzee, Abel.:

„C.M. van den Heever."

„Die wese van sy kuns."

Pretoria. 1936.

27. Coetzee, J.V.: Ds.

„Die Geskiedenis van die Calvinisme in Suid-Afrika."

Vervat in „Koers in die Krisis." Deel I.

Stellenbosch. 1935.

28. Cohn, J.:

„Das Tragische und die Dialektik das Handelns."

(„Festschrift Johannes Volkelt. Zum 70. Geburtstag.")

( Dargebracht von :
Paul Barth, Bruno Bauch, Ernst Bergmann, Jonas Cohn, Max Dessoir, Richard Falckenberg, Max Frischeisen - Köhler, Otto Klemm, Albert Köster, Felix Krueger, Friedrich R. Lipsins, Walter Schmied-Kowarzik, Hermann Schneider, Hermann Scharz, Eduard Spranger, Hans Volkelt, Wilhelm Wirth, G. Witkowski, W. Wundt.)

München. 1918.

29. Conklin, E.G.:

„The Direction of Human Evolution."

London. W.Y.

30. Courtney, W.L.:

„The Idea of Tragedy."

London. 1900.

31. Creizenach, Wilhelm.:

„Geschichte des Neueren Dramas."[2.]

(Erster Band.)

„Mittelalter und Frühenaissance."

Halle. A.S. 1911.

32. Creizenach, Wilhelm.:

„Geschichte des Neueren Dramas."[2.]

(Zweiter Band.)

„Renaissance und Reformation."

Halle. A.S. 1918.

33. Creizenach, Wilhelm.:

„Geschichte des Neueren Dramas."

(Vierter Band.)

„Das Englische Drama im Zeitalter Shakespeares. (Erster Teil.)"

Halle. A.S. 1909.

34. Creizenach, Wilhelm.:

„Geschichte des Neueren Dramas."

(Fünfter Band.)

„Das Englische Drama im Zeitalter Shakespeares. (Zweiter Teil.)"

Halle. A.S. 1916.

35. Crutchfield, H.M.:

„Elizabethan and Athenian Tragic Drama Compared and Contrasted."

(Ongepubliseerde tesis.)

Uniwersiteits-biblioteek : P.U.K. vir C.H.O.

36. Cuncliffe, John.W.:

„Early English Classical Tragedies."

Oxford. 1912.

37. Cuncliffe, John W.:

„The Influence of Seneca on Elizabethan Tragedy."

New York. 1925.

38. Dekker, G.: Prof. Dr. :

„Afrikaanse Literatuurgeskiedenis."

Nasionale Pers.

Kaapstad. 1941.

39. De Klerk, B.J.: Dr.

„Die Immanensis (Inblywing) en Inwoning van God."

(„Koers in die Krisis." Deel II.)

Stellenbosch. 1940.

40. Dessoir, Max.:

„Ästhetik und allgemeine Kunstwissenschaft." 2.

Stuttgart. 1923.

41. Dickenson, Thomas H.:

„The Contemporary Drama of England."

London. 1920.

42. Diederichs, N.:

„Vom Leiden und Dulden."

Bonn. 1930.

43. Diels, Hermann.:

„Der antike Pessimismus."

Berlin. 1921.

44. Dilthey, Wilhelm.:

„Gesammelte Schriften."

VI. Band.

„Die Geistige Welt. (Einleitung in die Philosophie des Lebens.)"

Leipzig und Berlin. 1924.

45. Dixon, W. Macneile.:

„ Tragedy."

London. 1925.

46. Dobree, Bonamy .:

„Restoration Comedy."

1660 - 1720.

Oxford. 1924.

47. Dove, P.E.:

„The Theory of human Progression."

New York. 1910.

48. Drew, Elizabeth.:

„The enjoyment of literature."

Cambridge. 1935.

49. Du Toit, J.D.: Prof. Dr.

„Enkele Grondbeginsels van die Calvinisme."

(„Koers in die Krisis." Deel I.)

Stellenbosch, 1935.

50. Du Toit, L.E.: Ds.

„Calvinisme en Fatalisme."

(„Koers in die Krisis." Deel III)

Stellenbosch. 1935.

51. Dyk, Dr. K.:

„Om 't eeuwig welbehagen."

(De leer der praedestinatie.)

Amsterdam. 1925.

52. Enzinger, Moriz :

„Das Deutsche Schicksalsdrama."

Innsbruck. 1922.

53. Ermatinger, Emil.:

„Das Dichterische Kunstwerk."

„Grundbegriffe der Urteilsbildung in der Literaturgeschichte."

( Zweite Auflage)

Leipzig. Berlin. 1923.

54. Ernst, Paul.:

„Der Weg zur Form."

(Abhandlungen über die Technik vornehmlich der Tragödie und Novelle.)

München. 1928.

55. Everett, Walter, Goodnow.:

„Moral Values."

„A study of the principles of conduct."

London. 1920.

56. Farnham, Willard :

„The Medieval Heritage of Elizabethan Tragedy."

Berkeley. 1936.

57. Finney, Ross, L.:

„General Social Science."

New York. 1927.

58. Flickinger, R.C.:

„The Greek theatre and its Drama." 4.

Chicago. Illinois. 1936.

59. Freytag, Gustav.:

„Die Technik des Dramas." 10.

Leipzig. 1905.

60. Geelkerken, Dr. J.G.:

„ Levensraadsel en Levenshouding."

(Het boek Prediker).

Baarn. 1931.

61. Geffcken, Johannes.:

„Die Griechische Tragödie."[3.]

Leipzig und Berlin. 1921.

62. Godley, A.D.:

„Senecan Tragedy."

(„English Literature and the Classics." Collected by G.S. Gordon.)

Oxford. 1912.

63. Goebel, J.:

„Ueber tragische Schuld und Sühne."

Berlin. 1884.

64. Haantjes, J. Dr.:

„Afrikaans Proza."

Amsterdam. 1930.

65. Haigh, H.E. :

„The Tragic Drama of the Greeks."

1896.

66. Hale, Edward, Everett :

„Dramatists of To-day."[6.]

New York. 1911.

67. Hamilton, E.:

„Tragedy."

(„Theatre." Essays on the arts of the theatre.) (Edited by J.R. Isaacs.)

Boston. 1927.

68. Hare, John.:

„Comedian."

London. 1895.

69. Harrison, Frederic.:

„Among my Books."

„Centenaries, Reviews Memoirs."

London. 1912.

MacMillan and Co., Ltd.

70. Harrison, J.E.:

„Themis" (A study of the social origins of Greek Religion.) 2

Cambridge. 1927.

71. Haserot, F.S.:

(„Purpose.")

(In „Essays on the logic of being.")

New York. 1932.

72. Haslinghuijs, E.J.:

„De Duivel in 't Drama der Middeleeuwen."

Leiden, 1912.

73. Hebbel, Friedrich.:

„Werke." (Dreizehnter Teil).

(Herausgegeben von Hermann Krumm.)

Leipzig. O.J.

74. Hegel, G.W.F.:

„The Philosophy of Fine Art."

(Translated by F.P.B. Osmaston.

Vols. I - IV.)

London. 1920.

75. Heim, Karl.:

„Die Kategorie des Schicksals."

(„Quellen - Handbücher der Philosophie." Herausgegeben von Prof. Dr. Arthur Liebert. Bd. 5.)

Berlin. 1924.

76. Heinemann, Karl.:

„Die tragischen Gestalten der Griechen in der Weltliteratur."

Band I. en Band II.

Leipzig. 1920.

77. Hessen, Johannes.:

„Erkenntnistheorie."

Berlin und Bonn. 1926.

78. Hobhouse, L.T.:

„Social Development."

(Its Nature and Conditions.)

London. 1924.

Hobhouse, L.T.: (Vergelyk bladsy 234.)
Hoernlé, R.F.A.: (Vergelyk bladsy 234.)

79. Höffding, Harald.:

„Humor als Lebensgefühl."[2]

(Der Grosse Humor.)

(Ein. Psychologische Studie aus dem Dänischen. von Heinrich Goebel.)

Leipzig. 1930.

80. Hume, David.:

„Essays and Treatises on Several Subjects." Volume I.

London. 1888.

81. Huxley, A.:

„Tragedy and the whole truth."

(„Music at Night and other Essays.")

London. 1931.

82. Jaspers, Karl.:

„ Psychologie der Weltanschauungen."[3]

Berlin. 1925.

83. Jones, R.M.:

„Fundamental ends of life."

1924.

84. Jonker, Dr. Abr. H.:

„Die Roman."

(Sy aard, ontstaan en soort.)

Kaapstad. 1942.

85. Jonker, Abr. H. Dr.:

„Prosa - rigtings en ontleding."

Kaapstad. 1940.

86. Jordan, E.:

„The Aesthetic Object."

(An introduction to the philosophy of Value.)

Bloomington. Indiana. 1937.

87. Kaiser, J.W.:

„Introduction to the study and Interpretation of Drama."

Amsterdam. 1929.

88. Kierkegaard, S.:

„Ästhetisches, ethisches und religiöses Leben."

(Quellen - Handbücher der Philosophie." Herausgegeben von Prof. Dr. Arthur Liebert. Bd. 5.)

Berlin. 1924.

89. Knox, Israel.:

„The Aesthetic Theories of Kant, Hegel, and Schopenhauer."

New York. 1936.

90. Kritzinger, M.S.B.:

„Studies en Kritieke."

Pretoria. 1934.

91. Külpe, Oswald.:

„Grundlagen der Ästhetik."

Leipzig. 1921.

92. Kuijper, Dr. A.:

„De Gemeene Gratie."

Derde deel.

Amsterdam. 1904.

93. Kuijper, Dr. A.:

„Het Calvinisme."

(Zes Stone - Lezingen.)

Kampen. (Z.J.)

94. Lee, Harold, Newton.:

„Perception and Aesthetic Value."

New York. 1938.

95. Lemcke, Dr. Carl.:

„Populaere Aesthetik."[5.]

Leipzig. 1879.

96. Lewisohn, L.:

„A modern book of criticism."

New York. 1919.

97. Liepe, Wolfgang.:

„Das Religionsproblem."

(„Im neueren Drama von Lessing bis zur Romantik.")

Halle. 1914.

98. Lipps, Theodor.:

„Ästhetik." (Psychologie des Schönen und der Kunst.) (Erster Teil:-

„Grundlegung der Ästhetik."

(2. unveränderte Auflage.)

Leipzig und Hamburg. 1914.

99. Lipps, Theodor.:

„Komik und Humor,"

(Eine Psychologisch - Ästhetische Untersuchung).

Leipzig. 1922.

100. Listowell, Earl of :

„A critical history of modern aesthetics."

London. 1933.

101. Lucas, F.L.:

„Tragedy in Relation to Aristotle's Poetics."

London. 1930.

102. Lucas, F.L.:

„Seneca and Elizabethan Tragedy."

Cambridge. 1922.

103. Lützeler, Heinrich, Maria.:

„Formen der Kunsterkenntnis."

Bonn. 1924.

104. Maclean, D. Prof. Dr.:

„Die Soewereiniteit van God."

„(Koers in die Krisis." Deel III.)

Stellenbosch. 1941.

105. McFadyen, John Edgar.:

„The Problem of Pain."

(A study in the book of Job.)

London. (W.Y.)

106. Malherbe, F.E.J.: Prof. Dr.

„Aspekte van Afrikaanse Literatuur."

(Studies van belangrike werke.)

Kaapstad, Bloemfontein en Port-
Elizabeth. 1940.

107. Malherbe, F.E.J.: Prof. Dr.

„Humor in die algemeen en sy uiting in die Afrikaanse Letterkunde.:"2.

Swets en Zeitlinger.

Amsterdam. 1932.

108. Malherbe, F.E.J. Prof. Dr.

„Lewensvorme."

Kaapstad. 1941.

109. Marx, Milton.:

„The Enjoyment of Drama."

New York. 1940.

110. Masefield, J.:

„Introduction to the Tragedy of Man."

London. W.Y.

111. Matthaèi, L.E.:

„ Studies in Greek Tragedy."

Cambridge. 1918.

112. Matthews, B.:

„Tragedies with happy endings."

(In „Playwrights on playmaking.")

London. 1923.

113. Moltzer, H.E.:

„Geschiedenis van het wereldlijk Tooneel in Nederland."

(Gedurende de Middeleeuwen.)

Proefskrif.

Leiden. 1862.

114. Moore, G.E..

„Refutation of idealism."

(„In Philosophical Studies".)

W.Y.

115. Muirhead, J.H.:

„Contemporary British Philosophy."
(First Series.
Edited by J.H. Muirhead.)

London. 1924.

116. Muirhead, J.H.:

„Contemporary British Philosophy."
(Second Series.
Edited by J.H. Muirhead.)

London. 1925.

117. Mulder, H.A.:

„Twee Wêrelde."

(Opstelle oor Afrikaanse en Nederlandse Letterkunde.)

Pretoria. 1942.

118. Müller - Freienfels, Richard.:

„Psychologie der Künste."

Vervat in „Handbuch der Vergleichenden Psychologie." (Herausgegeben van Gustav Kafka. Band II.)

München, 1922.

119. Müller-Freienfels, Richard.:

„Psychologie der Kunst."

Bd.1 : „Allgemeine Grundlegung und Psychologie des Kunstgeniessens."3.

Leipzig. Berlin. 1923.

120. Münch, Ilse.:

„Die Tragik in Drama und Persönlichkeit Franz Grillparzers."

Berlin. 1931.

121. Murray, Gilbert.:

„Aeschylus."

(The creator of Tragedy.)

Oxford. 1940.

122. Murray, Gilbert.:

„Electra." (Euripides.)

London. 1925.

123. Murray, G.:

„Greek and English Tragedy,"

("English Literature and the Classics." Collected by G.S. Gordon.)

Oxford. 1912.

124. Murray, Gilbert,:

„Hamlet and Orestes."

(A Study in Traditional Types.)

New York. 1914.

125. Murray, Gilbert.:

„Iphigenia in Taurus." (Euripides)

London. 1935.

126. Murray, Gilbert.:

„The Trojan Women." (Euripides)

London. 1934.

127. Murray, Gilbert.:

„The Classical Tradition in Poetry."

(The Charles Eliot Norton Lectures.)

„Oxford University Press."

London. 1927.

128. Murray, Gilbert.:

„The Rise of the Greek Epic." 2.

Oxford. At the Clarendon Press. 1911.

129. Nepgen, C.C.:

„Die Sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes."

Stellenbosch en Johannesburg. 1938.

130. Nicoll, Allardyce:

„The Theory of Drama."

London. W.Y.

131. Nienaber, P.J.:

„Die Afrikaanse Roman-Tematologie."

Amsterdam. 1938.

132. Nietzsche, Friedrich.:

„Der Wille zur Macht."

(Eine Auslegung alles Geschehens.)

Leipzig. O.J.

133. Nietzche, Friedrich.:

„Die Geburt der Tragödie."

(Schriften aus den Jahren 1869 - 1873.)

Leipzig. 1919.

134. Norwood, Gilbert.:

„Greek Tragedy."

London. 1928.

135. Norwood, Gilbert.:

„The Writers of Greece."

London. 1925.

136. Otto, Rudolf.:

„Das religiöse Apriori."

(„Quellen - Handbücher der Philosophie."
Herausgegeben von Prof. Dr. Arthur Liebert.
Bd. 5.)

Berlin. 1924.

137. Petsch, Robert.:

„Goethe und das Problem des Tragischen."

(„Jahrbuch der Goethe Gesellschaft."
Herausgegeben von Hans Gerhard Gräf. Vierter
Band.)

Leipzig. 1917.

138. Plato,:

„ Republic."

(Translation by J.L. Davies, M.A., and D.J. Vaughan, M.A.)

London. 1935.

139. Polak, L.: Prof. Mr. Dr.

„Causaliteit en Wilsvryheid."

(„Causaliteit en Wilsvryheid;" Eerste Interfacultaire Leergang.)

Groningen - Batavia. 1936.

140. Porwig, Johanna.:

„ Der Jephtastoff in der deutschen Dichtung."

Breslau. 1932.

141. Richards, I.A.:

„Principles of Literary Criticism."

London. 1930.

142. Ridgeway, William.:

„ The Origin of Tragedy."

(With special reference to

The Greek Tragedians.)

Cambridge. 1910.

143. Ross. J.A.:

„Euripides, Digter en Denker."

(met 'n Vertaling van sy Hippolytos.)

Amsterdam. 1940.

144. Rossouw, S.A. Dr.:

„Wonder en Wet."

(„Koers in die Krisis." Deel I.)

Stellenbosch. 1935.

145. Scheler, Max.:

„Die Stellung des Menschen im Kosmos."

Darmstadt. 1928.

146. Scheler, Max.:

„Zum Phänomen des Tragischen."

(Vom Unsturz der Werte. Abhandlungen und Aufsätze).2.

(Erster Band.)

Leipzig. 1919.

147. Schestow, Leo.:

„Tolstoi und Nietzsche."

Köln. 1923.

148. Schiller,:

„Werke."

(Herausgegeben von Paul Merker.) Bd. VI.

Leipzig. O.J.

149. Schoonees, P.C.:

„Die Prosa van die tweede Afrikaanse Beweging."3.

Pretoria. 1939.

150. Schopenhauer, Arthur.:

„Sämmtliche Werke."

Herausgegeben von Eduard Grisebach.

Bde. I. III. IV. V. VI.

151. Schopenhauer.:

„Schopenhauer's sämmtliche Werke in Fünf Bänden."

II. Band.

(Grossherzog Wilhelm Ernst Ausgabe.

Erschienen im Inselverlag zu Leipzig.) O.J.

152. Simmel, Georg.:

„Fragmente und Aufsätze."

München. 1923.

153. Simons, L.:

„Het Drama en het Tooneel, in hun Ontwikkeling."

Eerste deel (tot 1525.)

Amsterdam. 1921.

154. Simons, L.:

„Het drama en het Tooneel in hun Ontwikkeling."

Derde deel. (1625 - 1805.)

Nederland Biblioteek. 1927.

155. Simons, L.:

„Het Drama en het Tooneel, in hun Ontwikkeling."

Vierde deel. (1805 - 1875.)

Nederland Biblioteek. 1932.

156. Simons, L.:

„Het Drama en het Tooneel, in hun Ontwikkeling."

Vyfde deel. (1875 - 1930).

Nederland Biblioteek. 1932.

157. Smart, John. S.:

„Tragedy."

(„Essays and Studies by members of the English Association."

Vol. VIII.

Collected by G.C. Moore-Smith.)

Oxford. 1922.

158. Spencer, T.:

„Death and Elizabethan Tragedy."

Cambridge. 1936.

159. Spier,: J.M.:

„Inleiding in de Wysbegeerte der Wetsidee."

Zutphen. 1938.

160. Spingarn, J.E.:
„Critical Essays of the Seventeenth Century."
Vol. I. (1605 - 1650.)
Oxford. 1908.

161. Spingarn, J.E.:
„Critical Essays of the Seventeenth Century."
Vol. II. (1650 - 1685.)
Oxford. 1908.
Clarendon Press.

162. Stoker, H.G.: Prof. Dr.
„Beginsels van 'n Christelike Wetenskapsleer."
(„Koers in die Krisis." Deel II.)
Stellenbosch. 1940.

163. Stoker, H.G.: Prof. Dr.
„Die Evolusie - leer."
(„Koers in die Krisis." Deel. I.)
Stellenbosch. 1935.

164. Stoker, H.G.: Prof. Dr.
„Die grond van die Sedelike."
Stellenbosch. 1941.

165. Stoker, H.G.: Prof. Dr.
„Die wysbegeerte van die skeppingsidee."
Kaapstad. 1933.

166. Stoker, H.G.: Prof. Dr.
„Iets oor 'n Calvinistiese Wysbegeerte."
(„Koers in die Krisis." Deel III.)
Stellenbosch. 1941.

167. Stoker, H.G.: Prof. Dr.
Vryheid en Skrifkennis."
Stellenbosch. 1937.

168. Stuart, D.C.:

„The Development of Dramatic Art."

1928.

169. Taube, M.:

„Causation, freedom and Determinism."

London. 1936.

170. Thorndike, Ashley, H.:

„Tragedy."

London. 1908.

171. Tillich, Paul.:

„Kairos und Logos, eine untersuchung zur Metaphysik des Erkennens."

Vervat in „Kairos, zur Geisteslage und Geisteswendung."

Darmstadt. 1926.

172. Troeltsch, Ernst.:

„Das religiöse Apriori."

(„Quellen - Handbücher der Philosophie." Herausgegeben von Prof. Dr. Arthur Liebert. Bd. 5.)

Berlin. 1924.

173. Utitz, Emil.:

„ Aesthetik."

Berlin. 1923.

174. Utitz, Emil.: Dr.

„Geschichte der Ästhetik."

Berlin. 1932.

175. Van den Heever, C.M.:

„Die Afrikaanse Gedagte."

Pretoria. 1935.

176. Van den Heever, C.M. Prof. Dr.:

„Die Stryd om Ewewig."

Kaapstad. 1941.

177. Van der Leeuw, G.: Prof. Dr.

„Gebeuren en willen by natuurvolk en cultuurmensch."

Vervat in „Causaliteit en Wilsvryheid;" (Eerste Interfacultaire Leergang.)

Groningen - Batavia. 1936.

178. Van der Walt, S.J.: Ds.

„Sonde."

(„Koers in die Krisis." Deel. II.)

Stellenbosch. 1940.

179. Van Gelderen, Dr. C.:

„De Hoofdpunten der Zielsgeschiedenis van Job." 3.

Kampen. 1931.

180. Van Hamel, Dr. A.G.:

„Zeventiende-eeuwsche Opvattingen en Theorieën over Litteratuur in Nederland."

S'Gravenhage. 1918.

181. Van Wyk Louw, N.P.:

„Berigte te Velde."

(Opstelle oor die Idee van 'n Afrikaanse Nasionale letterkunde:)

Pretoria. 1939.

182. Vaughan, C.E.:

„Types of Tragic Drama."

London. 1924.

183. Verhagen, Balthazar.:

„De Tragiese Maskers van Hellas."

Amsterdam. 1923.

184. Verhagen, Balthazar.:

„Dramaturgie."

Amsterdam. 1927.

185. Volkelt, Johannes.:

„Ästhetik des Tragischen."4.

München. 1923.

186. Volkelt, Johannes.:

„Kunst und Volkserziehung."

München. 1911.

187. Von Wilamowitz-Moellendorff, U.:

„Griechische Tragoedien."

XIV.

(Die Griechische Tragoedie und ihre drei Dichter.)

Berlin. 1923.

188. Watt, L.M.:

„Attic and Elizabethan Tragedy."

1908.

189. Welton, J.:

„Groundwork of Ethics."

London. 1922.

190. Werner, Alfred.:

„Philosophie der Kunst."

München. 1921.

191. Wiersma, E.D.: Prof. Dr.

„De menschelijke inwerking op gezond en ziek Willen."

Vervat in „Causaliteit en Wilsvryheid;" Eerste Interfacultaire Leergang.

Groningen - Batavia. 1936.

**Author** Jordaan G J
**Name of thesis** Die tragiese gevoelshoedanigheid as Estetiese kategorie 1943

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.